HOOFSTUK V.

BYBELONDERRIG IN TRANSVAAL GESTABILISEER (1907 - 1917).

1. Godsdienstige bepalings van die Smuts-wet van 1907.

(a) Totstandkoming van die bepalings.

Die godsdienstige bepalings van die Smuts-wet van 1907 het onveranderd byna 'n halwe eeu lank vir Tranvaalse openbare onderwys gegeld, en is eers in 1953 enigsins gewysig.

As Koloniale Sekretaris het genl. J.C. Smuts aan die Transvalers 'n onderwyswet belowe wat bevrediging aan albei seksies van die bevolking sou gee: Engelse en Afrikaners.[1]

Die belangrike godsdiensbepalings het druk bespreking uitgelok, en dit is van die grootste belang dat veral genl. Smuts (die Koloniale Sekretaris) se opvattings oor en bedoelings met die verskillende bepalings in gedagte gehou word.

Die eerste vraagstuk vir oorweging was of daar enige Bybelonderrig in die skole toegelaat moes word. Hy (die Koloniale Sekretaris) is dringend versoek om hoegenaamd geen godsdiens in die onderwys op skool toe te laat nie.[2] Daar is wel veel ten gunste van so 'n versoek te sê, maar aangesien 90% van die bevolking van die land Christene is - dit daarom 'n Christelike land is en die Christenouers verlang dat hul kinders op Christelike wyse opgevoed word - moet die Goewerment en wetgewing hiermee rekening hou. Bybelgeskiedenis sal

---

1) Transvaal Legislative Council: Debates 1907, 270.
2) Transvaal Legislative Assembly: Debates 1907, 376.

dus wel in die openbare skole onderrig word.[1]

Genl. S.W. Burger het die Koloniale Sekretaris sterk ondersteun. 'n Christelike volk, soos die Afrikaner, se kinders moet van kleinsaf leer dat die godsdiens by hulle 'n eerste beginsel moet wees. Die oorgrote meerderheid ouers verlang die vak op skool. Die geskiedenis het bewys dat die Christelik-gefundeerde volke 'n hoër beskawingspeil bereik het.[2] B. Owen Jones, W. Hosken e.a. het ook op die groot lewenswaarde van godsdiens in die onderwys gewys, en hulle het nie die nodigheid daarvan ingesien dat die Bybel uit die skole van so 'n Christenland verdring word nie.[3]

P.J. Whiteside, ondersteun deur H.W. Sampson e.a., het egter aangedring op die skrapping van die hele voorgestelde godsdiensklousule, omdat Bybelonderrig nie in die skool tuishoort nie.[4] Whiteside se woorde was: „We take the view that religious teaching in any form in the schools of this country is altogether unwarrantable. It is no part of the business of the State to teach at the public expense religious dogma in any shape or form."[5] Sedelessies, oordeelkundig gegee, is meer as genoeg. Dis nie 'n geval van beskerming van die kind deur die gewetensklousule nie, maar 'n wydverspreide gevoel teen die Bybel in die skool, al hoef kinders hierdie lesse nie by te woon nie. Sy(Whiteside se) kiesers sal verkies om hul kinders na skole te stuur waar in hoegenaamd geen Bybelonderrig gegee word nie.[6]

'n Ander vraagstuk waarmee die Wetgewende Vergadering moes worstel, was die godsdiensonderwys op

---

1) Transvaal Legislative Assembly: Debates 1907, 377.
2) Ibid., 391, 1269.
3) Ibid., 1270.
4) Ibid., 1272, 1269, ens.
5) Ibid., 1267.
6) Ibid., 1268.

skool. Die Koloniale Sekretaris het dit beklemtoon dat slegs eenvoudige, nie-leerstellige Bybelonderrig in die skole ingevoer word, „that is the simple reading of the Bible without introduction of sectarian or dogmatic teaching."[1] Vir leerstellige onderrig is daar ander plekke soos die kerk. Dit hoort nie in die skool nie. Die Staat kan wel die algemeen-Christelike karakter van 'n volk erken en uitdrukking daarvan verleen. Daarom sou daar geen dogmatiese onderrig wees nie, eenvoudig die lees en verklaring van die Bybel.[2]

Hierop het Whiteside tereg opgemerk dat die idee van sulke Bybelonderwys nie veel indruk op hom maak nie. Hy is daarvan oortuig dat dit byna onmoontlik is om Bybelonderrig te gee sonder om ook dogma te verkondig. Sekere Bybelgedeeltes sal versigtig uitgesoek en afgesonder moet word vir gebruik in skole om die verkondiging van dogma te probeer voorkom.[3]

Genl. Smuts het ook verklaar dat die onderwysers wat nie heelhartig bereid is om godsdiens in die onderwys te gee nie, diens sal moet verlaat (as hulle hul op die gewetensklousule beroep nie.) Indien 'n hoofonderwyser wat vir 'n skool verantwoordelik is, nie bereid is om die eenvoudige Bybelonderrig te gee wat vereis word nie, is daar vir so 'n onderwyser geen plek in die opvoedkundige stelsel van die land nie. Die Joodse gemeenskap het verklaar dat hulle eenvoudig nie so 'n stelsel sal duld nie. Hoewel hy bereid is om 'n uitweg vir die uitsonderingsgevalle te soek, sal sy uiteensetting tog as grondslag vir verdere optrede moet dien.(Dit is noemenswaardig dat veront-

---

1) Transvaal Legislative Assembly: Debates 1907, 377
2) Ibid., 377.
3) Ibid., 1267.

waardigde uitroepe van „Nee! Nee! Nee! deur raadslede geuit is toe van beperkende maatreëls op ongelowige onderwysers melding gemaak is.[1]

Die Koloniale Sekretaris het verklaar dat by hom daarop aangedring is om predikante in die skole toe te laat, maar hy is van oordeel dat dit liewer nie moet geskied nie. „To come down to bed-rock, the purpose is that the educational system of the country shall not be run by the churches."[2]

Vir die mense wat teen Bybelonderrig op die goewerment-skool gekant is en wat dit nie aan hulle kinders wil laat leer nie, is die uitweg daar om vrystelling te vra. Daar is nog die Rooms-Katolieke skole wat ook deur Protestantse kinders besoek word.[3]

Met die tweede lesing is dit herhaal dat die godsdiens in die onderwys die grootste vraagstuk van die hele onderwyswet opgelewer het. Dit het baie tyd en aandag geverg, maar uiteindelik was dit moontlik om 'n formule te vind wat alle groepe tevrede sou stel. Dit is grotendeels gebaseer op die godsdienstige bepalings van Onderwyswet van 1892 in Transvaal. Dit is nou genl. Smuts se vertroue dat die Bybelonderrig in die skole op 'n breë grondslag aangepak sal word, soos neergelê in die wet, en dat geen dogmatiese invloed die goeie uitwerking sal vernietig nie.[4] Nou sou, volgens M. Langermann, die kinders leer om mekaar se godsdienstige opvattings te eerbiedig.[5] A.S. Raitt het die

---

1) Transvaal Legislative Assembly: Debates 1907, 378.
2) Ibid.
3) Ibid., 377.
4) Transvaal Legislative Council: Debates 1907, 270.
5) Ibid., 274.

neutrale stelsel soos volg beskryf: „Considering... the very strong feeling that nearly every sect has in regard to the education of its children, I think that the present measure which is before us a most admirable go-between."[1]

A.D.W. Wolmarans, wat beswaar teen die wet gemaak het omdat dit die ouerregte te veel inkort, het ook daarop gewys dat toestande in die Republiek, in die lig waarvan die skoolwet van 1892 ontwerp is, heeltemal verskil het. Toe is onder meer 'n onderwyser deur ouers uitgesoek en aangestel; tans doen die goewerment dit.[2]

So het die godsdienstige bepalings van die voorgestelde wet 'n warm bespreking uitgelok.

(b) Godsdienstige bepalings.

Art.34 van die Onderwyswet van 1907 handel oor godsdiens in die onderwys. In elke openbare skool:

1. sal die skooldag geopen word met gebed en die lees van 'n gedeelte uit die Bybel;

2. sal uitgenome soos hieronder bepaal, onderrig in Bybelgeskiedenis gegee word deur medium van Afrikaans, Engels of enige ander Europese taal, en waar moontlik sal sodanige onderrig gegee word binne die eerste halfuur van elke skooldag, met dien verstande dat niks in hierdie of in die vorige subartikel van toepassing sal wees op skole wat in die eerste plaas opgerig of in stand

---

1) Transvaal Legislative Council: Debates 1907,283.
2) Ibid., 279, 280.

gehou is ten behoewe van, of hoofsaaklik besoek deur kinders van nie-Christelike ouers, tensy so 'n skool besoek word deur kinders van Christelike ouers, in watter geval op skriftelike aanvraag van die ouers van sodanige kinders voorsiening gemaak sal word vir hulle onderrig in Bybelgeskiedenis;

3. sal geen kind van wie die ouer die hoof van die skool skriftelik in kennis gestel het van sy wens dat sodanige kind geen onderrig in Bybelgeskiedenis sal ontvang nie, verplig wees om sodanige onderrig te ontvang;

4. sal geen leer of dogma eie aan enige godsdienstige gemeente of sekte in enige openbare skool onderwys word nie;

5. sal geen onderrig in Bybelgeskiedenis gedurende skoolure gegee word deur enige persoon uitgenome 'n onderwyser op die personeel van sodanige skool nie;

6. sal geen hoofonderwyser of enige assistent, wat verantwoordelik is vir die algemene welsyn van 'n klas of afdeling, toegelaat word tot, of aangehou word op die personeel nie, tensy hy bereid is om konsensieus onderrig in Bybelgeskiedenis te gee, soos vereis deur hierdie artikel, of om aan die Direkteur enige beswaar voor te lê wat hy mag hê om sodanige onderrig te gee;

7. sal die tyd wat in die verskillende standerds aan die onderrig in Bybelgeskiedenis bestee word, wees soos by

regulasie bepaal.[1]

(c) Reaksies deur die godsdienstige bepalings uitgelok.

Hierdie bepalings het heelwat opspraak verwek, en die kritiek is veral op subartikel 4 toegespits. Die Smuts-wet eis wel Bybelonderrig, maar nie op sektariese grondslag nie. Baie aanvalle is in die loop van jare op hierdie afdeling gemaak, maar dit het tot 1953 onveranderd so gebly.

Veral die Hollandse kerke en vooraanstaande kerklike persoonlikhede het die stem verhef en teen die artikel beswaar gemaak. Bybelonderrig soos die wet daarvoor voorsiening maak, sal tot 'n godsdienslose opvoeding lei, en onderwys sonder godsdiens is 'n onding. Waar daar tuis geen godsdienstige opvoeding bestaan nie, groei die kind op sonder godsdiens. Die staatskool kan nie die plek inneem nie en die staat kan geen godsdiensonderwys gee nie.[2]

In 'n artikelreeks „De Bybel en de School" het P.C. Snyman 'n breedvoerige beskouing oor die godsdiens in die onderwys van die goewermentskole gegee waarin onder meer die volgende voorkom: 'n Skool met die Bybel kan ook erg onbybels wees as die Bybelgeskiedenis nie in 'n Christelike gees geskied nie. Die Bybel bring die Woord van God en wil nie gelyk gestel word

---

1) Departement van Onderwys, Transvaal: Handboek van Onderwys-wette met regulasies, bepalings en voorskrifte, 1929, 16-17.
2) Het Kerkblad, 1.9.07.,1.

met die fabelleer van die heidene nie, hoe ryk aan nuttige sedelesse dit ook al mag wees. Simson beoog meer as Hercules, Jesus Christus se offerande meer as die van Prometheus. Wanneer nou, soos in die goewermentskole beoog, die Bybelverhale alleen met die oog op sedelesse behandel word, dan is die brug wat die Bybelverhale en die heidense fabels tot een gemeenskaplike gebied verbind, geslaan. Die eerbied vir die Bybel verminder en dis of die Bybel self padgee, en so 'n skool met die Bybel word onteenseglik 'n skool sonder die Bybel. Dus is die gees (twyfel of ongeloof) waarin die Bybel behandel word, baie belangrik. En of jy glo dat alles die waarheid is of nie, jou antwoord sal 'n leerstuk (dogma) wees.

Wie dus nie kan onderskryf: Al die Skrif is van God ingegee en is nuttig tot lering, ens. nie, en tog 'n Bybelverhaal vertel, het nie meer die Bybel in hande nie, maar 'n ou kroniek, bv. die Nuwe Testament as die lotgevalle van 'n Joodse man. Dit vorm nie 'n mens van God nie. Dit voed nie op nie, dit onderwys net.

Die skrywer kom dan tot die slotsom dat die Bybel veel minder 'n plek in die skool inneem as vroeër; die jong geslag, 'n produk van die nuwe skoolstelsel, wil minder met die kerk te doen hê; hoe minder skool, hoe beter hul kerklike lewe. En dan die wanhoopsklank: Die Afrikaner se Christelike karakter is nie te wonderlik nie. „'t Christelyk karakter van het volk is veel te arm begrip, dan dat het den Bybel in

de school handhaven kon."[1]

Volgens prof. J.D. du Toit, in 'n brosjure spesiaal oor die onderwerp geskryf, kan geen Bybelgeskiedenis sonder Bybelse leer en Christelike sedekunde bestaan nie. Dogma en geskiedenis is aan mekaar verbonde soos die wortel aan die plant. As dogma geweer word, moet alle Bybelgeskiedenis ook geweer word, ook kan geen onderwyser van oortuiging die Bybelgeskiedenis vertel sonder om orals sy oortuiging te laat spreek nie, hetsy as dogma van geloof of van ongeloof. Dit is te begrype dat kerklike leerstellinge nie in 'n gemengde skool onderrig kan word nie; daarom word aangedring op vrye Afrikaanse, Christelik-nasionale skole.[2]

Die algemene Vergadering van die Geref. Gemeente, Potchefstroom, het in Des. 1908 bevind dat driekwart van die gemeente se kinders op regeringskole is, maar die kerkraad beskou die onderwys as baie onbevredigend, weens die aard van die subartikel wat die Bybelonderrig in die onderwysordonnansie bepaal. Hier is ook die vraagstuk geopper van die sing van liedere en gesange deur Gereformeerde kinders op die goewermentskole en 'n aangewese kommissie het 'n bes aarskrif hieroor opgestel. Dieselfde jaar nog is

---

1) Het Kerkblad: 1.9.07-1.2.08.

2) Du Toit: Christelyk onderwys met of zonder dogma, 5, 12, 20.

besluit om te begin met 'n intensiewe program van „jeugbearbeiding" met die doel om die jongeliede verder op te bou in die kennis aangaande die gereformeerde waarhede, as aanvulling by die openbare, dogma-lose godsdiens in die onderrig.[1)]

Dat die neutrale Bybelonderrig kerkloosheid bevorder, was vir ds. H.S. Bosman 'n uitgemaakte saak. Volkstellings in Holland in 1889 en 1909 het aan die lig gebring dat die getal mense wat aan geen kerk behoort het nie, daar toegeneem het van 66,000 tot 290,000.[2)]

Nee, die Smuts-wet se godsdienstige klousule het nie bevredig nie. Dit kan ook nie anders nie: vir 'n Christen kan die staatskool nie volle tevredenheid gee nie.[3)]

Ds. J. van Belkum het die godsdienstige gehalte van die onderwys in die staatskole betreur en bygevoeg; (soos aangehaal deur Het Kerkblad) „In huis worden onze kinderen godsdienstig opgevoed, maar op school wordt er gevraagd: Geloof dat? Is dat wel waar? Zo worden onze kinderen dubbelhartig."[4)]

Omdat die goewermentskole deur hul onpartydigheid op godsdienstige gebied, waar alle dogmatiese onderrig uitgesluit is, die vernaamste middel tot

---

1) Coetzee: Die Gereformeerde Gemeente Potchefstroom, 30 - 31.
2) Bosman: Een terugblik op Kerkelyke en Godsdienstige toestanden, 26.
3) De Vereeniging 4.4.07, 2.
4) Het Kerkblad 4.4.34, 8 - 9.

sedelike opvoeding prysgee, is in „De Vereeniging" 'n beroep op alle onderwysers gedoen om toe te sien dat in alle skole die Bybel en Bybelonderrig deeglik, grondig en omvattend gegee word. Daar is gevrees dat die kinders op die goewermentskole hul godsdienssin heeltemal sou verloor en dat die fondamente van die Suid-Afrikaanse volksbestaan allengs uitgegrawe sou word. Die vrees was dat die regering, omdat hy bekommerd was oor die onpartydigheid insake godsdiens in die onderwys, die ongodsdienstige gees van die tyd sou bevorder en die rigting van ongeloof in die hand sou werk.

„De godsdienst- of dogma-klousule in de onderwyswet bevredigt ons hoegenaamd niet, vooral als de wet voor de een zoo, en voor de ander anders uitgelegd wordt. 't Is in een geval duidelik gebleken (re 't zingen in de school), hoe men aan eene wet, die bestemd was alle partyen te voldoen, een alleszins eenzydige kleur heeft gegeven."

Van die godsdienstige gesindheid van die onderwyser hang feitlik alles af, en daarom behoort 'n sertifikaat van lidmaatskap van 'n Protestantse kerk by aansoeke ingesluit te word. Dit sal ten minste al help.[1)]

Dit was dan die gevoelens wat allerweë in die drie Hollandse kerke deur die godsdienstige bepalings van die onderwyswet opgewek is. Dit is beslis nie deur die kerkvaste Afrikanerdom verwelkom nie.

Die kwessie van die sing van gesange en liedere in die goewermentskool waarna reeds tweemaal verwys is, het die vaagheid van art. 34(4) aan die lig gebring. Aanvanklik het die Direkteur van Onderwys verduidelik dat die uitsluiting van dogma van die Bybelonderrig nie

---

1) De Vereeniging, 4.11.09, 154.

betrekking op die uitsluiting van gesange of liedere het nie. Dit mag met die opening of sluiting van die skool gesing word. Aan 'n sekere skool het die skoolkommissie toe besluit dat gesange en godsdienstige liedere gesing kan word. Een van die skoolouers was egter daarteen gekant en het dit as dogma van sekere gesindtes beskou. Hy het teen die besluit van die skoolkommissie (en die Direkteur van Onderwys se uitleg) geprotesteer, sy kind uit die skool geneem en by die Koloniale Sekretaris oor die saak gekla. Daarop het die waarnemende Sekretaris van die Onderwysdepartement, H.S. Scott, aan die klaer geskryf dat dit aan hom opgedra is om te meld dat, aangesien die Koloniale Sekretaris genader is deur hom, 'n ouer van een van die kinders wat die skool te ..... besoek met die versekering dat die godsdienstige liggaam waaraan hy behoort, gesange as van 'n sektariese aard beskou, sy Agbare bereid is om die reëling, op sy versoek deur die Departement gedoen, ten effekte dat gesange nie van 'n sektariese aard is, te kanselleer. Die Inspekteur en die Raad word dienooreenkomstig ingelig.[1)]

Op 12.4.09 het H.S. Scott dan ook aan die betrokke skoolraad na aanleiding van die geval onder meer geskryf dat die Koloniale Sekretaris beslis het dat die definisie van dogmaties ook gesange insluit, en dat dientengevolge geen gesange in die toekoms meer aan die betrokke skool gesing mag word nie.[2)]

Hierdie saak is ook op die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk in 1909 baie ernstig bespreek. Daar is kennis geneem van die uitspraak van die Koloniale Sekretaris wat die sing van gesange en geestelike liedere in die skool te Rustenburg verbied het. Die Kerk

---

1) Het Kerkblad, 1.5.09.
2) Ibid.

sal die regte van ander eerbiedig, maar eis ook wat hulle regmatig toekom.[1)]

So het die subartikel in verband met dogma 'n twisappel geword, sodat elkeen naarstig op die uitkyk vir skending van godsdienstige regte gebly het. Die groot moeilikheid was en is nog steeds dat alle dogma in die praktyk nie uitgeskakel kan word nie.

Die Onderwysdepartement het by monde van sy Direkteur (J.E. Adamson) self ook die godsdienstige bepalings soos volg nader toegelig: Onderwys moet op 'n Godsdienstige maar nie op 'n sektariese grondslag berus nie, en dit is iets wat mens nie kan verwag dat dit wettig beskryf moet word nie. Die vereistes van die wet ten opsigte van godsdiens in die onderwys is die volgende: deur die Bybellesse moet die eenvoudiger aspekte van die goddelike waarheid, wat by die ouderdom en ontwikkelingspeil van die kinders aanpas, bekend word en hierdie afdeling van die onderwys moet in die hande van die onderwysers wat vir die res van die skoolwerk verantwoordelik is, gelaat word. Die ouer geniet hier ook die reg, soos elders, om sy kind gedurende hierdie lesse uit te hou, en die onderwyser het die reg om enige besware wat hy teen die onderrig daarvan mag hê, te stel en behoorlike oorweging daarvan te eis. Na die gevolg hiervan is dikwels verwys as 'n vergelyk of kompromis. Die uitdrukking was ongetwyfeld van pas wanneer mens dink aan die verskillende sektes en kerkverbande wat die vraagstuk bespreek het en wat almal iets prysgegee het om tot 'n ooreenkoms te geraak. Adamson was egter vas oortuig dat, in hul verband met die wetenskap van die opvoeding, daar in die godsdienstige bepalings van die Wet nie 'n

---

1) N.H. of G. Kerk: Handeling van die Sinode 1909, art.80.

kompromis beliggaam was nie, maar 'n beginsel waaraan niks geskort het vir 'n basis waarop die godsdienstige struktuur opgerig kon word nie. Hy het geglo dat, as die wet behoorlik vertolk en uitgevoer sou word, die opvoeding van die kinders op 'n veilige godsdienstige fondament sou rus, 'n fondament sonder vooroordeel teen enige bepaalde godsdienstige ontwikkeling wat ryper jare mag bring. Hy het ook geglo dat die vertolking en uitvoering van die wet in hierdie verband met vertroue in die hande van die onderwysers, aan wie dit toevertrou was, gelaat kon word.[1)]

Uit hierdie toeligting blyk dat die Departement se standpunt ten opsigte van die resultaat wat deur die godsdienstige toepassing bereik is, presies die teenoorgestelde van dié van die drie Hollandse kerke was, asook wat die doeltreffendheid van die beginsel betref. Adamson se verwysing na die behoorlike vertolking en uitvoering van die wet was 'n vae veralgemening wat kant nog wal geraak het.

Die drie Hollandse kerke het nie die stryd na die aanvanklike proteste teen die godsdienstige bepalings laat vaar nie. Die Ned. Hervormde Kerk het die volgende besluite op sy Algemene Vergadering van 1909 geneem: Die Algemene Vergadering het, nadat in oorweging geneem is dat onder die bestaande skoolwet die godsdiens in die onderwys neutraal behoort te wees, terwyl die merendeel van die Transvaalse bevolking 'n nie-neutrale onderwys verlang, met algemene stemme (ondermeer) soos volg besluit:-

Die enigste skool waarmee hy hom kan verenig is die vrye skool met staatsubsidie; en die Bybelonderrig

---

1) Director of Education : Report 1907, 4.

aan sulke skole sal na die keuse van die ouers gegee word. Verder word dit aan kerkraadslede opgedra om in hul respektiewe wyke en distrikte hartlik mee te werk tot die bereiking van bogenoemde doel.[1)]

In die amptelike orgaan van die Ned. Herv. Kerk is in 1909 onder meer die volgende in 'n artikel geskryf: „Zy, die tevreden zyn met het openbaar staatsonderwys zonder enige Christelike belydenis, hebben niets te maken met ons streven naar godsdienst op school." Beswaar behoort gemaak te word teen al die lesse in die staatskool. In die vrye skole staan die hele onderwys op 'n Christelike bodem.[2)]

Op 'n Algemene Vergadering van die Geref. Kerk in 1909 is die moontlikheid bespreek om 'n afvaardiging na die minister te stuur. In 1910 kon egter niks omtrent C.N.O. gerapporteer word nie.[4)]

Nietemin is daar tog in 1909 'n C.N.O.-kongres opgeroep om, soos die kongresse van 1911, 1912 en 1913, die propaganda vir C.N.O. aan die lewe te hou. Hier is besluit dat die drie gevestigde Hollandse kerke geen beswaar teen dogmatiese onderwys het nie, en daarom word, volgens Afrikaanse standpunt, daardie artikel van die wet as oorbodig beskou. Slegs vrye skole met staatsubsidie sal voldoening gee. Die volgende veranderinge word onder meer ten opsigte van die onderwyswet voorgestel:

1. dat aan elke skoolkommissie, in oorleg met die ouers, die reëling van die godsdiens in die onderwys oorgelaat word met dien verstande dat geen dwang teenoor andersdenkendes gebruik word nie;

---

1) Ned. H. Kerk: Notule van die Algemene Kerkvergadering Maart 1909, 26 - 28.
2) De Hervormer, 15.6.09, 9.
3) Coetzee : Die Geref. beginsel en die onderwys, 35.
4) Geref. Kerk: Handelinge van die Sinode 1910, 127.

2. dat skoolkommissies die reg verkry om self die vakatures in hul onderwyspersoneel op staatskoste te adverteer en daarby sodanige vereistes van godsdiens en taal te mag stel as wat hulle goedvind.[1)]

In „De Hervormer" is die mening uitgespreek dat die C.N.O.-kongres verkeerde besluite geneem het. Elke kiesdistrik behoort van sy Volksraadslid te eis dat hy vir 'n verandering van die wet in Christelike-nasionale gees sal spreek en stem.[2)]

Die meerderheid van die sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk het hulle in 1909 teen die oprigting van gesubsidieerde kerkskole uitgespreek.[3)]

Op 'n Algemene Vergadering van die Geref. Kerk van Januarie 1912 is 'n protes opgestel vir indiening by die Administrateur wat onder meer die volgende ingesluit het: As gevolg van die inkorting van die godgegewe regte van die ouers, wat by die doop beloof het om kinders in die Christelik-Gereformeerde leer, ooreenkomstig Gods Woord, te laat onderwys, voel die Algemene Vergadering beswaard, want deur die onmondigverklaring van die ouers verloor die kerk ook sy reg van toesig ter uitvoering van die doopbelofte. Die kerk en ouers kan deur katkisasie en huisonderwys doen wat hulle kan, maar uit die aard van die saak kan hulle nie die hoof bied aan konkurrensie van die staat nie.[4)]

So het die kritiek op en verset teen die godsdienstige bepalings en die uitvoering daarvan dan steeds lewendig gebly, aangewakker deur die een C.N.O.-kongres na die ander.

---

1) Het Kerkblad 1.8.09.
2) De Hervormer, 15.10.09, 5.
3) N.H. of G. Kerk: Handelinge van die sinode, 1909, 88.
4) Coetzee: Die Geref. beginsel en die onderwys, 35-36.

(d) Toepassing van die bepalings in die goewermentskole.

So het die Onderwyswet van 1907 dan in werking getree. Die druk van buite af het die toepassing van die wet nie verhinder nie. Nogtans was daar aanvanklik binne die grense van die onderwysorganisasie hier en daar gevalle wat tog die algemene verloop van sake in minder of meerdere mate beïnvloed het. Reeds is aangedui dat die „behoorlike vertolking en uitvoering" soos Adamson dit goedskiks verwag het, in die praktyk daarop neergekom het dat die verskillende groepe elk hul eie vertolking aan die term gegee het, soos die geval van die sing van gesange en geestelike liedere in die skool op Rustenburg bewys het.

Op die Wesrand, soos orals in Transvaal maar, het die skoolrade ook 'n lewende en soms gedwonge belang in die godsdiensonderwys gestel. Op hierdie liggame het heelwat predikante gedien, en die gees was in soverre Christelik dat die konferensie van skoolraadsverteenwoordigers te Pretoria in 1908, soos later ook, by alle verrigtinge met gebed geopen en gesluit is.[1] Die plattelandse afdeling van die Wesrand, nl. die Witwatersbergse Skoolraad (Krugersdorpse distrik) het vroeg in 1908 al by die Departement aangedring op 'n saak wat volgens die Onderwyswet nie kon gebeur nie. Op 15.4.1908 het die Raad nl. besluit dat 'n brief aan die Departement geskryf moet word om te meld dat die Raad dink dat dit wenslik is dat alle aansoeke vir vakatures in beide die Hollandse en die Engelse taal geskryf moet word, en verder dat alle applikante versoek moet word om hul gods-

---

1) Direkteur van Onderwys: Verslag 1909, 167.

dienstige geloof te vermeld.[1)]

Terwyl Witwatersberg oor die godsdienstige belange en gees in die onderwys wou waak, was Witwatersrand-Wes (die stedelike skoolraad) geneë om inkrimping van die godsdiens in die onderwys te ondersteun. Terwyl volgens 'n groot gedeelte van die Afrikanerdom daar nog nie volle reg aan Bybelonderrig geskied nie, het die skool van Roodepoort bv. nie die volle tyd aan Bybelgeskiedenis gewy nie, en was waarskynlik, soos ander ouergroepe op die goudvelde, van mening dat Bybelgeskiedenis maar ewe goed heeltemal van die lesrooster kan verdwyn. Toe die lesroosters nagegaan is, het hierdie feit aan die lig gekom en het die Departement op art. 34(2) gewys. Die skoolraad het hierop die Departement geantwoord dat na sy mening die artikel nie te kenne gee dat die Bybelgeskiedenisperiode daagliks 30 minute moes wees nie, maar „that the religious instruction shall be given within the first half hour." Die Departement was egter nie vatbaar vir hierdie vertolking nie en die skoolraad moes die Roodepoortse skoolkommissie meedeel dat die periode nie ingekort kon word nie.[2)]

In die skole het Bybelonderrig in die eerste jare na die oorlog en selfs na die Smuts-wet ietwat rukkerig voortgegaan. Daar was geen leerplan waarvolgens gewerk kon word nie. Sommige skole het probeer om die vak te onderrig so na aan die dogmatiese grens as wat die wet hulle toegelaat het, en dan het die fyner strydvrae en haarklowery ontstaan of 'n bepaalde punt dogma is of nie. Nog ander wou so veilig binne die wet optree dat die werk beperk was tot die blote voorlees van psalms,

---

1) Witwatersberg Skoolraad: Notule, 15.4.08.
2) Witwatersrand-Wes Skoolraad: Notule, 22.12.08 en 21.1.09.

eenvoudige Skrifgedeeltes en 'n neutrale gebed waarteen niemand beswaar kon hê nie, en gedurig het die neerdrukkende kwelvraag die godsdiens in die onderwys gestrem: Kan hierdie onbenulligheidjie of daardie Skrifgedeelte of die sedepraatjie daarop gebaseer, nie dalk as dogma vertolk word nie? Aan sulke skole is daar 'n strakheid en stramheid geopenbaar wat die gevolg was van 'n eie soort dogmatiese onderrig, die „leerstellinge" van kleurloosheid en oorversigtigheid wat alle spontaneïteit in die kiem gesmoor het, omdat besef is dat baie die verloop van die Bybelonderrig baie krities gadegeslaan het. Maar dan was daar ook 'n derde groep skole, soos dié van Pretoria, wat aan die werk gespring en 'n leerplan ontwerp het waarvolgens hulle maklik en sistematies kon werk, weliswaar sonder doelbewuste leerstellige onderwys, maar ook vry van oorversigtigheid.

Die verskillende skoolraadsnotules lewer telkens gevalle op waar aansoeke ontvang is van kerklike liggame om skoolgeboue vir kerkbyeenkomste of „Sondagskool" te gebruik.[1] Die verskynsel het dus voortgeduur dat kerklike geboue aan die onderwys beskikbaar gestel is of andersom. Getrou aan die beginsel van neutraliteit het die Skoolraad, Witwatersrand-Wes, besluit dat geen alleenreg aan enige kerkgenootskap of bevolkingsgroep verleen sal word nie.[2]

'n Versoek is op 'n keer, aan dieselfde Raad gerig om die aanstelling te oorweeg van 'n Joodse onderwyser wat Joodse kinders in Hebreeus sou onderrig, waarop die Raad geantwoord het dat alle goewermentskole onsektaries is en dat hy onbevoeg is om in dié sake op te

---

1) Witwatersberg Skoolraad: Notule 27.5.08,(2), 28.12.10(5). Witwatersrand-Wes Skoolraad: Notule 11.2.09/901, 24.6.09/1199.
2) Ibid., 11.2.09/901.

tree.[1]

Die Afrikaanse ouers het die praktiese toepassing van die godsdienstige bepalings haarfyn dopgehou. Skoolkommissies het soms besluit om self ook inspeksie in hierdie vak te hou. In die teenwoordigheid van die skoolkommissie en sommige ouers moes die hoof en assistente van een van die skole vrae aan die leerlinge stel sodat die ouers hulle kon vergewis van die vordering wat die kinders gedurende die jaar gemaak het. Na die toesprake en pligplegings het 'n kommissielid die skool met 'n psalm en gebed gesluit.[2] Dit was 'n seremonie wat aan die Republikeinse skooleksamens herinner.

Toe dieselfde hoof met verlof afwesig was en slegs twee Engelssprekende dames in beheer van al die skoolvakke was, het die skoolkommissie besluit om nou nog meer 'n wakende oog oor die aard van die Bybelonderrig te hou, want die skooljoernaal, deur een van die dames bygehou, meld hieromtrent: „School visited by mr. ..... a Member of the School Committee. He listened to the Bible Lesson which was conducted through the Dutch medium."[3]

Die volgende tabel toon aan hoeveel skole in 1906 Bybelonderrig gegee het en die aantal kinders wat hierin onderrig is. (Ongelukkig word nie aangegee aan hoeveel vrystelling verleen is nie.)

Stad en dorpskole.			Plaasskole.		Alle skole.	
	skole	leerlinge	skole	leerlinge	skole	leerlinge.
Hollands	67	4,568	283	9,463	350	14,031
Hebreeus	2	466	-	-	2	466
Engels	100	15,421	72	1,905	172	17,326

[4]

1) Witwatersrand-Wes Skoolraad: Notule, 11.11.09/1420.
2) Hekpoortskool: Joernaal, 13.12.07.
3) Ibid., 23.7.08.
4) Director of Education: Report 1906, 50.

Uit die tabel blyk onder meer dat daar meer as 3,00 minder Afrikaanse as Engelse kinders in die goewermentskole was, en dit in 'n oorwegend Afrikaanse gebied! Die oorsaak moet by die C.N.O.-skole gesoek word wat 'n groot deel van die Afrikaanse kinders daar saamgetrek het.

Sedert 1906 het minder as die helfte van die inspekteurs iets oor Bybelgeskiedenis te vermeld gehad, en jaar na jaar daarna het die verskynsel hom herhaal. Dit wil dus tog voorkom of die Afrikanerdom gelyk gehad het in sy mening dat Bybelonderrig in die goewermentskole 'n blote bysaak geword het, terwyl dit in die Republiek hoofsaak was, sodat geen skool oorgesaan was met inspeksie in Bybelgeskiedenis nie.

Die inspeksies toon in die algemeen dat die Bybelgeskiedenis in Hollands gewoonlik nog geleer is met behulp van die kinder-bybel, en wel in geskiedkundige verband. Daar is te min voorbereiding gedoen en te veel onderwysers maak 'n formele oefening van die Bybel of kinderbybel. Onderwysers is aangemoedig om Zahn se „Bybelgeschiedenis" aan te skaf wat as fondament van 'n lewendige mondelinge les in Bybelverhaal kan dien. Die onderwysers doen enige moeite om die kinders in die sekulêre geskiedenis, in die karakters en lande se gebruike geïnteresseerd te kry, maar dit word te min in Bybelgeskiedenis gedoen. Die onderwys is veels te meganies en abstrak, met die gevolg dat die leerlinge min belang in die vak stel.[1)]

Omdat daar nog geen leerplan in Bybelonderrig in werking was voor 1909 nie, en die onderwyswette van 1903 en 1907 nie in besonderhede oor leerstof en metode

---

1) Director of Education: Report 1907, 73, 85.

gehandel het nie, was daar dan ook geen wesentlike onderbreking van of verandering in die gang van die godsdiens in die onderwys voor en net na 1907 nie.

Insp. C. Mansfield was een van die gereeldste wat rapport oor die vak gelewer het. Hy het in 1908 weer gekla dat die vak heelwat probleme oplewer en dat die algemene kennis van die onderwysers nie van 'n hoë standaard is nie. Hiermee bedoel hy nie die hooffeite en sedelesse wat daaruit afgelei kan word nie, maar aardrykskunde en geskiedenis van die Bybellande om die gewyde geskiedenis toe te lig; ook kennis van die tydperk wat die brug tussen die Ou en Nuwe Testament vorm, kennis waardeur die onderwysers in staat sal wees om helder woordskilderye van die mense en die tydperk gee. Die vak eis veel meer leeswerk deur die onderwysers om dit te laat lewe. Dit word te veel geleer of dit mitologie is.[1)]

In 1909 het insp. Mansfield daarop gewys dat, aangesien Bybelgeskiedenis geen vak is waarop bevordering gemaak word nie, dit nie met die nodige aandag bejeën word nie. Te veel klasse word ook soms saam gegroepeer en dan pas die leerstof nie altyd by die leerlinge aan nie. Bybelgeskiedenis is 'n doeltreffende middel om 'n verhewe toon in die skool te bring, en daarom moet dit die hoof se spesiale sorg wees. Hy het dit ook weer beklemtoon dat geskiedkundige en aardrykskundige agtergrond van die heilige verhaal uiters belangrik is om hierdie vak tot sy reg te laat kom. Te dikwels word die lesse vervelig en die leerlinge toon nie die lewendige belangstelling in wat in die leerstof te leer is nie. Die vorming van karakter is 'n belangrike

---

1) Director of Education; Report 1908, 69.

doel van die opvoeding. Wanneer dit besef word, glo Mansfield, sal geen onderwyser die geleentheid wil misloop om die regte idees en hoogstaande ideale by die leerlinge te laat posvat nie waartoe die Bybelgeskiedenis hom so uitstekend leen. Die geskiedenis van die Bybel is nie te maklik verstaanbaar nie, en daarom is handboeke vir die agtergrondstudie so belangrik om dit vir die leerlinge interessant te maak. Dit is ook van groot belang dat die leerlinge uitgesoekte Bybelgedeeltes van buite leer.[1)]

Ook N. Hofmeyr het in 1908 'n soortgelyke klag laat hoor. Hoewel 'n groot gedeelte van die tyd aan hierdie belangrike vak gewy word, bejeën te veel onderwysers dit bloot as 'n deel van die gewone leerplan, met die gevolg dat dit 'n verkwiste halfuur word, in plaas van 'n geïnspireerde karakter-stimulus vir menige seun en dogter. 'n Kaart van Palestina en die Romeinse Ryk behoort in elke skool te wees om hierdie onderwerp meer werklik en belangwekkend te maak.[2)]

Die belangrike mededeling word ook gedoen dat orals klagte ontvang word dat die ouers te min belang in die onderwys van hul kinders stel.[3)] Hoe heeltemal anders was dit nie in die Republiek of selfs later met die C.N.O.-skole nie! Toe was die ouers se deelname nie deur willoosheid nie, maar deur skerpe belangstelling gekenmerk.

Insp. T.G. Ligertwood se klagte was dat die aangehoorde lesse nie doelgerig was en dat die vraestellery nie altyd verband gehou het nie. Daar is ook selde

---

1) Director of Education: Report 1909, 74.
2) Ibid., 1908, 76.
3) Ibid., 75.

'n sedeles af te lei. Gewoonlik geskied die mededelinge sonder behulp van 'n kaart, wat op sigself al 'n fout is. Indien die gedrukte kaarte te duur is, kan die kaart op die swartbord geteken word. Hy het besonder deeglike Bybelkennis aangetref, wat die feite self en die geheuewerk betref, maar daar is 'n gebrek aan deurlopendheid en toepassing van die verworwe kennis wat dit van weinig meer waarde maak as die blote memoriseer van datums in die geskiedenis.[1)]

Naas inspekteur Mansfield was daar nog 'n inspekteur wat 'n waardevolle positiewe bydrae tot die onderwys gemaak het en in sy verslae iets meer as gewone inspeksierapporte gelewer het. In sy inspeksieverslag van 1907 sluit insp. M. White hom by Mansfield en die ander aan oor die misbruik van die kinderbybel, die gebrek aan voorbereiding, agtergrondskennis en hulpmiddels. Weinig onderwysers slaag daarin om die leerlinge in hul verbeelding mee te voer na die tye waarvan hulle leer.[2)]

In 1908 het hy geskryf dat dit welbekend is dat daar in alle vakke 'n groot verskil tussen die gehalte onderwys in verskillende skole is, maar in geen vak is daar so 'n geweldige gaping as dié tussen die onderwyser wat godsdiens in die onderwys as sy groot geleentheid sien en daardie een wat swak toegerus is en nie die minste moeite doen om sy les voor te berei nie. „In no other subject have I heard teachers so nearly reach perfection, and in no other subject have I heard such dull and ineffectual lessons. It is impossible to imagine anything more devitalising to the spiritual growth of a child than

---

1) Director of Education: Report 1909, 58.
2) Ibid., 1906, 76; Report 1907, 85.

the Bible, or rather Kinderbybel, lessons as conducted in some of the schools." Sommige onderwysers glo blykbaar dat hul plig gedoen is as hulle geluister het hoe die kinders deur 'n hoofstuk uit die kinderbybel gestamel en hy die gedrukte vrae onder aan die les gestel het en min of meer verkeerde antwoorde ontvang het. Weer wil hy dus herhaal dat die onderwysers se Bybellesse grootliks sal verbeter as hulle meer omtrent die vak wil nalees, veral beskrywings van Palestina, want dit is duidelik dat baie nog geen benul het van die tye en gewoontes waarvan hulle leer nie.[1)]

2. Die leerplan vir Bybelonderrig van 1909 en die voorgestelde leerplan van 1917.

(a) Die leerplan van 1909.

Die eerste offisiële leerplan, uitgereik deur die Onderwysdepartement in Transvaal sedert die eeuwenteling, is in 1909 geloods en het die algemeen geldende rigtingslyne 'n aantal jare lank vir die Bybelonderwys aangegee.

Aanvanklik het dit nie onder die leerplanne van die verskillende skoolvakke voorgekom nie, maar dit het by navraag geblyk dat 'n kommissie van predikante versoek is om hierdie gedeelte op hulle te neem.[2)] Op grond van die inleidende gedeelte van die leerplan het hierdie predikante tot die gevolgtrekking gekom dat die leerplan wat deur die Londense Graafskapsraad opgestel is, „vir geen verbetering vatbaar is nie", en dit is as basis gebruik. Vir die eerste drie standerds is die

---

1) Director of Education: Report 1908, 96.
2) VOOZA: Gedenkboek, 34.

onderwerpe van die Transvaalse leerplan in besonderhede aangegee, en in dié opsig was dit dus vollediger as dié van die Londense Graafskap.[1)]

Dit was hierdie leerplan waarvan insp. N. Hofmeyr verklaar het: „The Bible History syllabus in the new code has been heartily welcomed by the sternest followers of Calvin in the teaching profession."[2)] En dit was van hierdie leerplan wat die Calvinistiese onderwysersvereniging (voorheen die V.O.O.Z.A.) openlik gesê het dat dit hulle nie tevrede stel nie en hulle het dit as totaal onbruikbaar geag.[3)]

Die Departementele leerplan vir Bybelgeskiedenis is te vind in 'n brosjure: „Lagere en Middelbare Scholen, Bepalingen en Leergangen, 1909", en dit beslaan ongeveer drie bladsye.

Volgens die inleidende opmerkings is die keuse van gedeeltes uit die Heilige Skrif so gereël dat die leerlinge met elk van die vier Evangelies sou kennis maak. Deur die hele leergang sou die leerlinge in die Ou en Nuwe Testament onderwys word en sou hulle uitgesoekte gedeeltes van buite moes leer. Op dié wyse moes daar seker gemaak word dat die leerlinge vertroud raak met die hoofpunte van die gewyde geskiedenis en dat sekere waarhede van oorwegend godsdienstige en sedelike belang in die eie taal van die Bybel in hul geheues geprent word.

Aan die onderwysers is opdrag gegee dat hulle moes sorg dra dat die onderwys streng ooreenkomstig die eise van art. 34 van die Onderwyswet ingerig word. Ook moes hulle besef dat aan hulle hier die geleentheid gebied word om aan <u>heel die onderwys</u> die godsdienstige en

---

1) Dept. van Onderwys, Transvaal: Lagere en Middelbare Scholen, Bepalingen en leergangen, 1909. 19.
2) Director of Education: Report 1909, 81.
3) VOOZA, 34.

sedelike grondslag te gee waarsonder geen onderwysstelsel duursaam en veilig kan wees nie.[1)]

Hiermee word die erkenning gedoen dat die Bybel die hele onderwys en opvoeding ten grondslag moet lê. Ook is die kerke se aandeel aan of belangstelling in die onderwys benut deurdat die leerplan deur predikante opgestel is. Dit was, oppervlakkig beskou, 'n geweldige stap vooruit, veral wanneer dit vergelyk word met die plaaslike leerplanne en opvattings aan die Rand en Barberton 'n paar jaar tevore. Hoe al hierdie gedagtes egter in volkome ooreenstemming met die gees van die Onderwyswet en in 'n neutrale of gemengde gemeenskap toegepas kon word, is nie heeltemal duidelik nie. Nietemin is deur hierdie leerplan vir Bybelgeskiedenis veel meer vryheid van uiting aan die onderwyser verleen, hoewel dit prinsipieel gesien, niks meer as lapwerk kon wees nie.

Aan die onderwysers is verder die reg verleen om wysigings of vervangings in die leerplan aan te bring met goedkeuring van die inspekteur.[2)]

Vir die substanderds is daar geen onderwerpe aan die hand gedoen nie, en die taak is aan die betrokke onderwyseresse opgedra om 'n lesskema op te stel en aan die inspekteur voor te lê.

Standerds 1, 2 en 3 het, soos voorheen gemeld, 'n bepaalde lys onderwerpe ontvang. Opmerklik is dat nêrens kommentaar of verduidelikings ingesluit is nie. Wat aangegee is, is in die inleidende opmerkings, soos hierbo gemeld, opgeneem.

St. 1 moes gedurende die jaar die Onse Vader en Ps. 23 van buite leer. Uit die Ou Testament moes ver-

---

1) Departement van Onderwys, Transvaal: Lagere en Middelbare Scholen, Bepalingen en Leergangen, 1909, 19.
2) Ibid.

hale voorgelees word uit Genesis, of in eenvoudige taal vertel word (twee geweldig verskillende metodes vir 'n jeugdige klas soos st. 1): vanaf die Skepping tot by die toring van Babel. Uit die Nuwe Testament moes behandel word hoofgebeurtenisse uit die vroeë lewe van Jesus, in eenvoudige taal vertel, en wel vanaf die geboorte van Jesus tot die roeping van die eerste dissipels. Daar is sewe sulke gebeurtenisse aangegee uit Matt., Lukas en Johannes. Saam met die vyf hoofgebeurtenisse uit die Ou Testament is daar twaalf genoem. Die klein veld wat gedek word, is hier net so opvallend as die uitgebreide terrein wat in die Republiek in een jaar gedek moes word. Aangesien Skrifkennis nie soseer die doel was as eenvoudige verhale met 'n godsdienstige en sedelike strekking nie, en dus nie na die diepte sou afgesteek word nie, wonder mens watter nietige gedeelte van die jaar dit die meeste onderwysers sou neem voordat die leerstof uitgeput was.

St. 2 het 'n veel meer uitgebreide lys gehad. Die Onse Vader moes herhaal word, en verder moes geleer word die Tien Gebooie en Matt. 22: 35 - 40. Uit Exodus en Numeri moes die geskiedenis vanaf die geboorte van Moses tot sy dood behandel word, insluitende die uittog uit Egipte en die omswerwing in die woestyn. Hierdie „eenvoudige lesse" uit die lewe van Moses is aangegee in twintig hoofgebeurtenisse.

Die Evangelie van Markus vorm by st. 2 die hoofbron vir eenvoudige lesse uit die lewe van Christus vanaf die reiniging van die tempel tot die Opstanding. Slegs die gelykenisse by die meer uit Mark. 13 word aangegee en die waarskuwende gelykenisse uit Matt. 21. Die veld in st. 2 gedek, was dus veel wyer en het nie so 'n swaar eis aan die vindingrykheid van die onderwyser gestel nie.

In st. 3 moes ps. 121 en Matt. 5: 1 - 12 verder van buite geleer en van die vorige Skrifgedeeltes herhaal word. Uit die Ou Testament moes lesse uit die vyf boeke van Moses behandel word met besondere verwysing na die lewe van Abraham, Isak, Jakob, en Moses en die leringe wat daaruit te put is. Die onderwerpe word nie aangegee nie. Uit die Nuwe Testament moes die verhaal van die lewe van Christus vanaf geboorte tot Opstanding nou vollediger behandel word, asook lesse uit die bekende gelykenisse. Vyftien hoofgebeurtenisse en ses gelykenisse is aan die hand gedoen.

In die Nuwe Testament word dus min of meer die konsentriese metode van behandeling gevolg, aangesien in st. 3 'n breedvoeriger behandeling plaasvind van wat in standerds 1 en 2 gedoen is, en waarskynlik ook in die grade. Die Ou Testament is anders aangepak, sonder chronologiese verband, waarskynlik omdat leerlinge van daardie leeftyd nie vatbaar daarvoor is nie. St. 1 se geskiedenis eindig by die toring van Babel en vang by st. 2 aan met die geboorte van Moses, en eers in st.3 word die geskiedenis van Josef, Abraham en ander karakters behandel. Die volgorde is 'n besliste leemte, aangesien st. 2-leerlinge en selfs die jonger kinders 'n besondere voorliefde vir hierdie Bybelfigure het. Die doelbewuste omverwerping van die chronologiese volgorde kom hier voor as ongerymd. Wat oor die st. 1-werk opgemerk is, geld hier ook in die breër verband. Die vordering vanaf gr. 1 tot die einde van st. 3, dus in 4 - 5 skooljare, bring die behandeling van die Ou Testament slegs tot die dood van Moses, 'n oorbeklemtoning van 'n Bybelse onderdeel. Aangesien die klem op die lewens van die bekende Bybelfigure val, die chronologiese volgorde opsetlik vermy is en in vyf skooljare slegs 'n klein brokstuk van die gewyde geskiedenis behandel word, is

hier geen vooropgestelde doel en plan om die raadsplan van God onder die aandag te bring nie, en mis die Bybelgeskiedenis dus een van sy belangrikse eise.

In st. 4 moes verder Joh. 14: 1 - 15 en Ps. 24 van buite geleer word. Die Ou Testament het lesse uit die boeke Josua en Amos bevat, en die Nuwe Testament lesse uit die Evangelie van Lukas. 1 - 13. In st. 5 moes verder van buite geleer word: 1.Kor. 12, 1.Kor.13, Ps. 91, Spr. 24; 27 - 34, Spr. 31; 10 - 31, Rom. 13: 8 - 10 (dus veel meer as wat st. 4 moes leer). Lesse uit die lewe van Samuel en ook van Dawid, en ook weer uit die boek Amos, moes uit die Ou Testament behandel word; en uit die Nuwe Testament moes die Evangelie van Lukas verder voltooi word.

In st. 6 moes verder van buite geleer word: Ps. 122, Jes. 52 (13 - 15) en Jes. 53. Die geskiedenis van Salomo, die skeuring van die Ryk, ens. word eenvoudig oorgeslaan, die historiese verband geïgnoreer en studies uit die lewe en tye van Elia en Elisa aangepak. Opvallend is dat vir die derde agtereenvolgende jaar 'n studie van die boek Amos gemaak word, sodat die Amosfiguur die sentrale word in hierdie klasse. Die Nuwe Testament is nou beperk tot lesse uit die Bergpredikasie en die Evangelie na Johannes 1 - 13.

Om die spesialisering wat die vorige leergange kenmerk, voort te sit, is in die st. 7-leergang studies uit Hiskia, Esra en Nehemia <u>of</u> uit die boek Daniël ingesluit. Die Nuwe Testament sou behandel word volgens Matt. 5 - 7, Joh. 14 - 21 en die Handelinge van die Apostels. Naas die herhaalde gedeeltes sou Jes. 55 en Hebreërs 1 verder van buite geleer word.[1)]

---

1) Dept. van Onderwys, Transvaal: Lagere en Middelbare Scholen, Bepalingen en Leergangen, 1909, 20 - 21.

Die gedeeltes van buite geleer, volg dus deurgaans 'n progressiewe patroon. Die Nuwe Testament word, wat die lewe en leer van Christus betref, breedvoerig behandel, maar die groot leemte blyk veral in die geval van die Ou Testament. Tot aan die einde van st. 7 is die hoofgebeurtenisse van die Ou Testament nie eens almal behandel nie, en die indruk word gelaat dat daar weinig perspektief en globale oorsig is, sodat daar by herhaling genoem kan word dat daar wînig van die ontwikkeling van die Godsplan tereg kon kom. Ondanks al die leemtes, was die aanbieding van hierdie leerplan tog 'n baie groot stap vooruit en ten minste rigtinggewend, aangesien daar voorheen glad nie so iets bestaan het nie en die onderwysers in die duister moes tas, en uit vrees vir die godsdienstige bepalings van die Onderwyswet eerder aan die kant van oorversigtigheid gesondig het.

(b) Toepassing van die leerplan tot 1911.

Insp. N. Hofmeyr het in sy verslag van 1909 gemeld dat al die onderwysers hul bes doen om die rigtînglyne wat in die leerplan neergelê is, te volg. In sy inspeksiekring neem die Bybel die ereplek in. Ernstige voorbereiding word van elke les verwag.[1)]

Direkteur J.E. Adamson het in sy verslag van 1910 heelwat opmerkings oor die leerplan gemaak. Volgens hom is daar geen moeite ondervind om die godsdienstige bepalings van die Wet in werking te stel nie. Dit is eenparig aanvaar. In die Parlement het die voorgestelde Wet wel hewige besprekings uitgelok, maar die beginsel dat die openbare onderwys kan en moet rus op

---

1) Director of Education: Report 1909, 81.

'n grondslag wat tegelyk godsdienstig en ondogmaties is, is nooit ernstig betwyfel nie, en die beste bewys van onderlinge verdraagsaamheid was die samewerking van predikante van die Anglikaanse, Ned. Gerf. en Presbiteriaanse Kerke by die opstel van 'n breedvoerige sillabus. Die inspekteurs getuig dat die onderwysers goeie gebruik maak van die geleenthede wat die leerplan hulle bied. Daar was geen enkele geval waar 'n onderwyser versoek het om vrygestel te word van sy verpligting om godsdiens in die onderwys te gee nie.[1)]

Die vrees van die ouers was dus nie uit die lug gegryp dat onverskillige of ongelowige onderwysers aan hul kinders Bybelonderrig sou geen nie. In 1910 was daar tog seker Jode en ander nie-Christene op die onderwysende personeel.

Buite die skool was sake egter nie so gunstig nie. Daar was nog steeds tekens van onrus. Een van die kerke het nog steeds volgehou om die noodsaaklikheid van dogmatiese onderwys te beklemtoon, in ooreenstemming met die wense van die ouers.[2)] Adamson het hier die Geref. Kerk bedoel wie se verklaarde standpunt dit was en wat ook aan sy C.N.O.-aksie ten grondslag gelê het. Daar was dan ook in hierdie jare pal nog 'n klein aantal vrye skole wat in die Geref. Gemeentes bestaan het.[3)] Op die skoolraadskonferensie van November 1909 het ds. L.P. Vorster, Geref. predikant van Rustenburg, voorgestel (gesekondeer deur G.J. Yssel, ouderling van die Geref. Gemeente, Ventersdorp) dat die Konferensie die wens uitspreek dat die kode sodanig verander word dat godsdiensonderwys in die skool toegelaat word, in soverre al die ouers van

---

1) Direkteur van Onderwys: Verslag 1910, 55.
2) Ibid.
3) Coetzee: Die Gereformeerde beginsel en die onderwys, 41.

die kinders in die betrokke skool in hierdie saak kan ooreenkom. (Na 'n lang bespreking het ds. Vorster sy voorstel eindelik teruggetrek.)[1]

Adamson het ook aandag aan die betekenisvolle verskynsel gewy dat op dieselfde skoolraadskonferensie 'n voorstel aanvaar is dat skoolkommissies en skoolrade toegelaat moet word om van onderwysers wat aansoek om betrekkings doen, te verlang dat hulle bewyse van goeie gedrag en hul godsdienstige gesindheid moet indien. Die voorsteller hiervan was die bekende voorvegter vir Christelike onderwys, Ds. J. van Belkum van die Ned. Herv. Kerk te Heidelberg, ondersteun deur ds. A.G. Driesen van Ventersdorp. Opmerklik is dat uit die Engelse geledere 'n amendement op die voorstel ingedien is, nl. deur S.J. Evans en J.J. Blevin, wat slegs bewyse van goeie gedrag verlang het.[2] Volgens Adamson sou die maatreël, nl. dat vermelding van lidmaatskap van 'n bepaalde kerk of die aanvaarding van 'n besondere leer gedoen word, nie juis waarborg dat die Bybellesse van die onderwyser meer eg godsdienstig sou wees nie.[3] Weliswaar sou dit geen waarborg bied nie, aangesien geen uitwendige maatstaf die sedelikheid en godsdienstige diepte van 'n mens kan meet nie; nogtans sou dit tog die weg vir 'n uitgesproke ongelowige en sedelik-laagstaande persoon grootliks versper het in die oorwegend Christelike gedeelte van die gemeenskap.

In die meeste jaarrapporte van die inspekteurs is, soos voorheen, geen verwysing na Bybelgeskiedenis gedoen nie. Die gevalle waar dit wel vermeld is, gee 'n taamlike helder beeld van die stand van die Bybel-

---

1) Direkteur van Onderwys: Verslag 1910, 243.
2) Ibid.
3) Ibid, 55 - 56.

onderrig soos deur die bril van die inspekteurs gesien. Weer eens is die peil en vordering in die vak deur die verskillende inspekteurs bevredigend gevind. Insp. J.P. Botha merk tereg op dat die eer egter nie die skool alleen toekom nie, maar dat die godsdiensonderrig tuis en met katkisasie grootliks tot die vordering bydra.[1] Insp. N. Hofmeyr se bevinding in die rapport is dat die onderwysers in die kleiner klasse te veel besonderhede gee en in die hoër klasse te min. Die groter kinders doen ook te min aan selfwerksaamheid.[2] Die leerplan self het hierdie verskynsels in die hand gewerk, soos te wagte kon wees.

Volgens T.G. Ligertwood het veral die memoriseerwerk goeie vooruitgang getoon. Daar moet egter 'n groter koördinasie van feite wees en die lesse moet meer afgerond word deur die sedeles te beklemtoon. 'n Breër, meer algemene gesigspunt moet gegee word, want hoewel die feitekennis goed is, moet dit teen die regte agtergrond gesien word, en daarom is 'n muurkaart of atlasse so nodig.[3]

Die koördinasie van feite is nie juis deur die leerplan aangemoedig nie. Die verskil tussen die gebruike in 1910 en 1953 is opvallend, veral ten opsigte van die sedeles. Vandag word 'n doelbewuste sedeprekie vermy en aan die leerlinge oorgelaat om self die nodige afleidings te maak. Ook ten opsigte van memorisering het 'n groot verandering ingetree. Terwyl die leerplan van 1909 lang Skrifgedeeltes voorgeskryf het, word deesdae op kernverse toegespits.

Insp. C. Mansfield was baie in sy skik met die

---

1) Direkteur van Onderwys: Verslag 1910, 115.
2) Ibid., 124.
3) Ibid., 128.

leerplan vir Bybelonderrig. Hy was dankbaar dat in 'n oorlaaide skoolprogram daar heeltemal tereg 'n halfuur daagliks aan hierdie belangrike vak afgestaan word. Die leerplan het nou sisteem in die vak gebring. Die les word egter nog nie na waarde geskat nie. Dit verg studie, en alleen dan sal die onderwyser duidelik en lewendig kan lesgee. Soos reeds vermeld is, is aan die profeet Amos 'n belangrike plek in die verskillende leergange toegeken. Dit is nie 'n maklike gedeelte om te behandel nie en daarom maak soveel onderwysers 'n mislukking van hierdie besondere gedeelte, eenvoudig omdat hulle dit nie verstaan nie. Terselfdertyd meld hy van 'n onderwyser wat 'n puik les oor Amos gegee het nadat hy 'n grondige studie van die onderwerp gemaak het.[1)]

Soos Supt. Mansvelt voorheen ten opsigte van die Staats-Modelschool, betreur insp. Mansfield dit dat so baie leerlinge laat kom en gedeeltes van die Bybelgeskiedenis misloop. Hy is daarvan oortuig dat, as enige eksamenvak bv. eerste in die oggend onderrig word, daar nie soveel laatkommery sal wees nie. Die vak word dus nie met genoeg erns bejeën nie.[2)]

In 1911 kon daar weer deurgaans van goeie vordering melding gemaak word. Selfs C. Mansfield kon meld dat daar goeie aandag aan die vak bestee word. Die vrae is goed beantwoord en die geheuewerk was knap. F.P. Hoogenhout het die Bybelgeskiedenis baie goed bevind, maar op meer kaarte aangedring. J.D. Kerrich het nes insp. Botha die vorige jaar, die goeie vordering grootliks aan die huislike opvoeding toegeskryf. Ook hy het op meer gebruik van kaarte aangedring.[3)]

---

1) Direktuer van Onderwys: Verslag 1910, 132.
2) Ibid., 135.
3) Ibid., 1911, 74, 79, en 86.

Voorheen is vermeld dat die VOOZA nie tevrede was met die bestaande leerplan van godsdiens in die onderwys nie. 'n Nuwe, alternatiewe leerplan is toe ontwerp en deur beide die Afrikaanse (VOOZA) en Engelse (T.T.A.) onderwysvere nigings goedgekeur en aan die Direkteur van Onderwys voorgelê. Dit is deur die Departement as alternatiewe leerplan aanvaar. Aangesien die bestaande Departementele leerplan egter in gebruik gebly het, sal die alternatiewe leerplan nie in besonderhede bespreek word nie. Kortliks mag egter vermeld word dat daarvan nuttig gebruik gemaak is veral op die plaasskole met hul groepstelsel. Die groot leemte in die Departementele leerplan is vervang deur 'n meer oorsigtelike indeling van die leerstof en die nuttige aanwending van die konsentriese rangskikking. Die vak is in drie afdelings ingedeel. In die eerste afdeling is die werk van st. 1 en 2 aangegee, in die tweede dié van st. 3 en 4 en in die derde dié van st. 5 en 6. Elke afdeling is ewe groot in omvang, maar word elke keer uitvoeriger en vollediger behandel. Die doel hiervan is dat, wanneer 'n leerling bv. die skool na st. 4 verlaat, hy wel al in 'n mate die werk moet ken wat onder die bestaande stelsel eers in st. 5 of 6 behandel word.[1)]

(c) Reaksie van kerklike kant.

Die belangstelling van individue en groepe buite die onderwysende personeel was nog steeds helder brandend. Veral die kerke het die leidende aandeel gehad. Daar is nie net geskryf en gekonfereer nie, maar op tradisio-

---

1) VOOZA: Gedenkboek, 34.
Direkteur van Onderwys: Verslag 1911, 27.

nele wyse het die predikante van die Hollandse kerke aktief aan die skoolaangeleenthede deelgeneem en op skoolkommissies en -rade gedien. Op die skoolraadskonferensie wat in 1911 gehou is, was 15 van die 50 afgevaardigdes predikante, en die laaste een van hulle Afrikaners.[1)]

In „De Kerkbode" is in 1911 vermeld dat sommige Ned. Herv. of Geref. predikante al die skole van die gemeente een maal per jaar besoek en 'n woord van aanmoediging spreek. Die algemene klagte by hulle gaan oor die gebrekkige kennis van Bybelgeskiedenis wat vir nie-denominasionale deurgaan, al is dit nie altyd die geval nie. Die inspekteurs vra maar te dikwels nie daarna nie, en vir die kind beteken dit dat hy dit dan nie hoef te leer nie. Daar word met inspeksies soveel aandag aan die eksamenvakke bestee dat sommige onderwysers hul halfuur Bybelgeskiedenis tot tien minute inkort om genoegsame vordering in die ander te kan maak. 'n Paar versies word gelees met 'n woord van kommentaar en daarmee is dit uit. Daarom word aan die hand gedoen dat predikante met hul besoeke die Bybelkennis moet toets, al is dit dan ook na skoolure en net die die gemeente se kinders. Bybelgeskiedenis as erkende skoolvak met eksamen daarin word verkies.[2)]

Die Ned. Herv. of Geref. Kerk het bevind dat die getal aannemelinge se aanwas nie proporsioneel is met die groei van die bevolking nie, en die vrees is uitgespreek dat die jeug, veral onder die mynbevolking, die kerk begin ontwen. Daarom moet die kwessie van godsdiens in die onderwys op die openbare skole, sowel as die oprigting van 'n kerklike normaalskool, die aandag verg.

---

1) Direkteur van Onderwys: Verslag 1911, 241 - 242.
2) De Kerkbode 23.2.11, 126.

Die sake is van die uiterste belang, lewensvraagstukke vir die volk en hul kerke, en daarom word die kerke opgewek om ernstig daaraan te dink.[1)]

„Hoevelen geven thans onderwys in onze lagere, hoogere en hoogste scholen, die de voornaamste waarheden des Christendoms verwerpen niet alleen, maar openlyk daarmede den spot dryven! Voor de vele uitzonderingen hierop zyn wy zeer dankbaar. Kan, mag, durft ons volk zulk een toestand van zaken blyven dulden?"[2)]

In hierdie tyd het prof. Kamp in sy boekie onder meer gekonstateer dat die ouers wat erns van die doopbelofte maak, dit wil vervul, maar sien elke dag duideliker „hoe de landsregering met haar school zich tussen God en de Ouders heeft ingeschoven."[3)] Om nou nie in die skool te laat verwaarloos of afbreek wat in die huisgesin opgebou word nie, wil die ouers sorg dat die Christelike opvoeding van die huis in die skool voortgesit word. Hulle sal uitsien na onderwysers wat in die opvoeding dieselfde hoë doel voor oë het as hulle. Bybelse onderwys moet op die skole vooraan staan in die ry van die leervakke - Bybelse onderwys gegee deur onderwysers wat weet hoe om die Bybelstof met hul leerlinge te behandel en waartoe die onderwys moet strek.

Daarmee het dit egter nog nie 'n Christelike skool geword nie. As dit so was, dan sou mens jou tevrede kon stel met 'n goewermentskool waar voorsiening gemaak word vir goeie Bybelonderrig. 'n Christen wat egter Gods Woord verstaan, bely dat alle dinge van God is en hy wil dat sy kinders opgevoed word in die regte begrip van hierdie waarheid. God moet in alle dinge (vakke)

---

1) De Kerkbode 23.2.11, 126.
2) Spoelstra: Het kerkelyk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek, 539, 543.
3) Kamp: De School hoort aan de Ouders, 22.

gevind word. Alleen 'n goedonderlegde, Christelike onderwyser sal in hierdie gees onderwys kan gee sonder om te preek, want preek hoort nie in die Christelike skool tuis nie.[1)]

Die mens is 'n godsdienstige wese. 'n Geleerde man met 'n onopgevoede of onrein gewete is nie 'n goeie burger nie. Die mens behoort aan kerk en staat. Die staat kan nie godsdiensloos wees sonder skade nie, veral as die groot meerderheid van die bevolking godsdienstig is; en daarom mag hy dus nie onverskillig teenoor die godsdiens in die onderwys op skool staan nie.

Alles hang verder van die persoon van die onderwyser af. Dit is die atmosfeer wat hy skep wat gunstig of ongunstig vir die Bybelonderrig is. Daarom moet daar die regte persone in die onderwys wees. „Liewers 'n onderwyser wat Latyn op 'n Christelike wyse as een wat die Bybel op onchristelike wyse doseer."[2)]

Die kwessie van die regte onderwysers is besonder sterk aangevoel. Ds. J.H. van Wyk het onder meer in 'n preek gesê dat die regering die Bybel op die openbare skole toelaat, maar wie en wat is die onderwysers? Is hy 'n gelowige met eerbied vir Gods Woord? Ook hy het dieselfde sienswyse gehuldig soos hierbo uiteengesit is: Liewer 'n godvrugtige man sonder die Bybel of Bybelonderrig op skool, as 'n ongelowige onderwyser met die Bybel.[3)] Dat daar eweveel behoefte aan bekwame en godvrugtige onderwysers in die skool bestaan as aan bekwame en godvrugtige lerare in die kerk, is 'n stelling wat geen betoog nodig het nie.[4)] Die bekende VOOZA-

---

1) Kamp: De School hoort aan de Ouders, 23, 24.
2) De Kerkbode 5.6.13 en 12.6.13.
3) Ibid., 1.8.12, 605.
4) Ibid., 16.2.11, 99.

voorsitter, R.D. Collins, het sy reeks opvoedkundige opstelle in „De Kerkbode" onder die opskrif „Myn Scholen en Schoolmeesters" met die kragtige bede afgesluit dat dit deur God aan die skole en skoolmeesters gegee word om onder die verligtende invloede van die Heilige Gees vir die land goeie mense te kweek, dit wil sê manne en vroue wat al in die skooldae leer bid en glo het, en ook God en die medemens lief het.[1]

Dit mag wees dat die predikante uit die aard van hul werk baie hoë eise gestel het, maar dat die nuwe onderwysstelsel nie bevrediging ten opsigte van die peil en waarde van die Bybelonderrig verskaf het nie, is duidelik. Die inspekteurs daarenteen het beweer dat die gehalte heeltemal bevredigend is.

Dit is hier 'n geval van heeltemal verskillende maatstawwe. Die liberale gees het in Transvaal wortel geskiet. Alle onderwysers het Bybelonderwys gegee, afgesien van geloof of gesindheid. Onder hulle was ongelowiges en selfs spotters. Soos hierbo aangehaal is, is daar nie altyd deur die inspekteurs behoorlik navraag na hierdie vak gedoen nie, omdat dit nie 'n eksamenvak was nie, met die gevolg dat dit veelal 'n afskeepvak geword het. Veel minder as die helfte van die inspekteurs het in hul jaarrapporte godsdiens in die onderwys van genoeg belang geag om dit daarby in te sluit, en in die meeste gevalle waar dit tog vermeld is, is maar weinig ruimte daarvoor in vergelyking met die „hoofvakke" afgestaan. So bevat 'n sekere skool se vyf inspeksierapporte vir die jare 1912 tot 1916 bv. geen enkele verwysing na Bybelgeskiedenis nie, en eers nadat F.S. Malan as kringinspekteur in 1917 die skool ge-

---

1) De Kerkbode, 18.6.14, 571.

inspekteer het, is daar gereelde kommentaar oor die vak gelewer.[1] Dat die kerke dus wel deeglike rede vir klagte gehad het, val nie te betwyfel nie. Die hele liberalistiese, losse en opervlakkige opvattings ten opsigte van godsdiensonderwys in Transvaal sedert die eeuwenteling staan in skreiende kontras met die konserwatiewe en diepsinnige bejeëning van godsdiensonderwys en Christelike gees deur die hele skoolwese in die Republiek.

(d) Godsdiens in die onderwys na 1911 (toe die alternatiewe leerplan vir Bybelonderrig in gebruik geneem is).

Dat in sommige inspeksiekringe, volgens maatstaf van die paar inspekteurs wat erns van die saak van die Bybelonderwys gemaak het, redelike vordering gemaak is, blyk ook weer uit die verslae van 1912. F.P. Hoogenhout kon meedeel dat slegs in 'n paar gevalle sy vorige wenke ten opsigte van die gebruik van kaarte opgevolg is. Die leerlinge toon egter 'n merkwaardige feitekennis en kan lang dele sonder foute opsê. By deegliker ondersoek blyk egter dat hulle dit nie verstaan nie.

C. Mansfield het die volgende bevinding gegee: Aangesien karaktervorming die belangrikste deel van die onderwys is, word in die beste skole jaar na jaar meer aandag aan die Bybelgeskiedenis gegee as synde die les wat die onderwyser die beste geleentheid gee om gesonde beginsels by die leerlinge in te skerp. Die Skrifgedeeltes vir memorisering is goed bekend, maar word nog te veel afgerammel in plaas van eerbiedig opgesê. Daar moet meer gebruik van kaarte gemaak word.[2] Op die

---

1) Hekpoortskool: Joernaalinskrywings.
2) Direkteur van Onderwys: Verslag 1912, 218.

plaasskole is, volgens T.C. Stoffberg, oor die algemeen goeie aandag aan Bybelgeskiedenis gegee. Reeds in die Republiek se tyd was die platteland al die bakermat van deeglike godsdiens in die onderwys.

In 1913 het M. White ook 'n optimistiese prentjie van die toestand van die Bybelonderrig geskilder. Aan die groot hoeveelheid inligting waaroor die leerlinge beskik, is dit duidelik dat hierdie vak in die meeste skole noukeurige aandag geniet. Behalwe vir memorisering wat goed is, toon die leerlinge egter nie veel bekendheid met die woorde en taal van die Bybel nie, en daarom is die gebruik van die Boek self in die lesse en voorbereiding nodig. P.M. v.d. Lingen weer het bevind dat, alhoewel die kennis oor die algemeen goed is, daar nog onderwysers is wat hardop uit die kinderbybel voorlees.[1)]

Ook J.L. Moerdyk het gekla dat Bybelgeskiedenis nog te veel voorgelees word. Die waarde van hierdie vak vir die laerskool hang nou saam met die persoonlike standpunt van die onderwyser. As hy Bybelgeskiedenis beskou as 'n vak wat uitstaan in waarde vir die ontwikkeling van die geestelike en sedelike lewe van die leerlinge, en as hy die noue verband herken tussen die gewyde en die algemene geskiedenis, in soverre laasgenoemde veelal deur eersgenoemde verklaar word, dan sal hy as onderwyser hom toespits op 'n deeglike kennis van die Bybelfeite. Hy sien hul dan in hul regte verband en poog deur simpatieke, metodiese behandeling om hierdie vak diensbaar te maak aan die sedelike ontwikkeling van sy leerlinge. Waar hierdie standpunt egter afwesig is, gee die onderwyser 'n droë opsomming van feite en 'n onintelligente uitrekking van die voorgeskrewe geheuewerk.

---

1) Direkteur van Onderwys: Verslag 1913, 145 en 133.

Hy het egter rede om te glo dat die eerste van hierdie twee gesigspunte deur die meerderheid van die onderwysers in sy afdeling gehuldig word. 'n Simpatieke belangstelling deur die inspekteur kan ook 'n gunstige invloed in die opsig uitoefen.[1)]

Volgens T.G. Ligertwood is daar nog te min gebruik van kaarte gemaak. Daar is ook te weinig 'n geheelbesef van Bybelgeskiedenis as 'n afgeronde geskiedenis. Kennis van geheuewerk is verbasend, maar dit geskied te meganies en 'n goeie begrip ontbreek.[2)]

Ook W. Klooster kon met genoeë meld dat die Bybelgeskiedenis in sy kring goed onderrig word. Leerlinge wat die skool in st. 5 of 6 verlaat, het 'n goeie kennis van feite in hul historiese verband en ken die voorgeskrewe geheuewerk goed. Hierdeur verkry hulle 'n reserwevoorraad vormende kennis wat hulle op die lewensreis meeneem, en volgens hom sal elke ernstige persoon bly wees om in hierdie materialistiese eeu te mag weet dat aan die kinders die groot gebod geleer is om die Here en die naaste lief te hê soos hulle self.[3)]

Uit die wisselende rapporte kan afgelei word dat die inspekteurs afwisselende vereistes aan die vak gestel het. Klaarblyklik het sommige inspekteurs ook meer erns met aanmoediging gemaak van onderwysers en voorligting aan hulle gegee.

In 1913 het die Transvaalse Onderwysdepartement 'n monografie opgestel ooreenkomstig Besluit No. VIII van die Imperiale Onderwyskonferensie van Londen in 1907 in verband met die leerplanne van skole. Daarin word

---

1) Direkteur van Onderwys: Verslag 1913, 108.
2) Ibid., 118.
3) Ibid., 104 - 105.

vermeld dat Bybelgeskiedenis en die godsdienstige en sedelike onderrig wat daarop gebaseer is, gedurende die hele skoolkursus gevolg word. In die monografie word die leerplan vir godsdiens in die onderrig soos in 1909 opgestel, weergegee. In die algemene verduideliking word die tydtoewysing vir tipiese laerskole aangegee. Vir dorpskole is dit twee-en-'n-halfuur weeklikse, met opening, die lees van registers en sluiting van die skool uitgesluit. Op die platteland word, volgens 'n aangegewe voorbeeld-rooster, dieselfde tyd aan Bybelonderrig toegewys, insluitende opening en lees van registers. In 'n geheel-oorsig van die vakke in die leerplan word die volgende gemeld: In die laerskool kan daar min oorhelling na beroepsopleiding wees. Die oorgrote hoeveelheid werk bestaan hier uit grondslagliggende opleiding in die instrumentele vakke soos lees, skryf en reken, en inleidende onderrig in die formatiewe vakke soos Bybelgeskiedenis en sedes, geskiedenis en aardrykskunde.[1] Klaarblyklik was daar dus geen gevaar dat godsdiens in die onderwys oorbeklemtoon sal word en weer die vak van vakke sou word nie.

In 1914 het T.G. Ligertwood gemeld dat die Bybelgeskiedenis meer intelligent gedoseer word, maar dat die kennis nog maar vaag is. Op 'n vraag of Moses 'n Christen was, is bv. bevestigend geantwoord. Geheuewerk is goed, maar kan eerbiediger opgesê word. In hierdie vak is van die beste uitslae in alle plattelandse skole behaal.[2] P.M. v.d. Lingen het ook gevind dat Bybelgeskiedenis meer en meer as vak erkenning ontvang. Die onderwysers vertel die Bybelverhale goed en reg en berei

---

1) T.E.D.: The Curricula of Schools for General Education, 43 - 46, 129, 131.
2) Direkteur van Onderwys: Verslag 1914, 123, ens.

die lesse goed voor, terwyl die kinders die stories mooi oorvertel. Volgens F.H. Thompson word die vak deeglik voorberei en pligsgetrou behartig. Die lesse kan nog aantrekliker gemaak word deur verwysing na aardrykskundige en sosiale toestande en hul invloed. Geheuewerk is goed en praktiese lesse word uit die behandelde gedeeltes afgelei.[1)]

A.J. de Vos het die moeilikhede van die plattelandse skole probeer ondervang. In die eenmanskole vorm al die klasse een groep vir Bybelgeskiedenis. Dit is gangbaar, maar beperk die veld tog baie. Wat die leerlinge ken, ken hulle goed, want dieselfde werk word elke jaar behandel. Die ouer leerlinge raak egter verveeld en ken groot dele van die Bybelgeskiedenis nie, omdat dit nie behandel word nie. Predikante kla bv. dat leerling met sewe jaar skool agter die rug nog onbevoeg is vir „aanneme". Hy doen dan aan die hand dat die toestand verbeter kan word deur die leerplan in jaarkursusse te verdeel. Hy verwelkom dit dat in die nuwe plattelandse kode voorgestel is dat die Bybel as 'n aanvullende leesboek in groep 3 gebruik word. Die Bybelspelling behoort egter vereenvoudig te word, want soos dit is, verwar dit die leerlinge.[2)]

De Vos se standpunt verskil dus grootliks van dié van Mansvelt vroeër betreffende die gebruik van die Bybel as leesboek. Omstandighede het egter grootliks verander.

Ook insp. Moerdyk het hierdie kwessie van leerstof en metode op die platteland in 1917 onder oë geneem. Hy was 'n voorstander van die konsentriese

---

1) Direkteur van Onderwys: Verslag 1914, 123, 118.
2) Ibid., 91.

metode soos in die alternatiewe leerplan aanbeveel. Dit sal verhoogde belangstelling in die hand werk, want andersins is die materiaal in die laagste klasse te beperk en die herhaling verveel naderhand. Bybelgeskiedenis word origens met goeie gevolg onderrig. In die plattelandse skole ontvang Bybelgeskiedenis volle aandag, volgens A. Stephen. Hy moet self kla dat die onderwysers te dikwels die aangewese tyd op die roosters oorskry. Die mees algemene fout is dat die les te dikwels iets soos 'n preek in plaas van 'n Bybelles word, met die Bybel as handboek. Geheuewerk is goed, behalwe dat dit swak voorgedra word.[1)]

In 1915 het van die veertien inspekteurs wat verslae opgestel het, slegs vier iets omtrent Bybelgeskiedenis vermeld; in 1916 en 1917 was daar slegs drie vermeldings elke jaar.

W. Klooster se bevinding in 1915 was dat die enigste gevalle waar die Bybelgeskiedenis nie goed onderrig is nie, dit aan gebrekkige voorbereiding toegeskryf moet word. In plaas van te vertel lees die onderwysers uit die kinderbybel voor. Ook het hy gevind dat 'n kind in st. 2 die Tien Gebooie vlot kan opsê en in st. 5 glad nie. Dit is nie gegee om in st. 2 geleer te word en wanneer die stryd van die lewe begin, vergeet te word nie. Die werk moet gedurig hersien word. Bybelaardrykskunde is in baie skole dikwels swak, ook waar historiese feite goed geken word. Daar moet gedurig 'n kaart van Palestina hang. Ook hy beveel, nes A.J. de Vos, aan dat die Bybel as leesboek gebruik word en wel in die hoogste klasse, eenmaal per week. Dit vorm 'n goeie oefening in die gebruik van die Bybel, en

---

1) Direkteur van Onderwys: Verslag 1917, 167, 173.

dit is 'n ander soort lees. So sal die leerlinge leer hoe en waar om op te soek.[1)]

M. White het 'n woord van waarskuwing laat hoor. Gedeeltes van die Bybelgeskiedenis is baie goed, maar in baie gevalle is die kennis nie wyd en diepsinnig genoeg in verhouding tot die groot hoeveelheid tyd wat daarvoor ingeruim is nie. 'n Handboek vir onderwysers by sts. 4 en 5 is dringend nodig. 'n Algemene fout is dat die vertellings nie so na as moontlik aan die Bybeltaal geskied nie, en daardeur verloor die les sy waardigheid. Dit word veral veroorsaak deur swak voorbereiding waardeur die Bybel se woorde nie vas in die geheue lê nie. Die geskiedenis van Nabot se wingerd is in die Bybel duidelik en eenvoudig vertel, maar Isébel se dood kan by vertelling in 'n „Penny Horrible" ontaard.[2)]

Herhaalde kere reeds het inspekteurs vergelykings getref tussen plattelandse en stedelike gebiede ten opsigte van die Bybelonderrig. Die platteland se peil was sedert die vorige eeu al hoër. Sommige stedelike gebiede, veral by myndorpe, wou veel minder aan die gewyde vak doen en, soos voorheen vermeld is, dit deur die groots moontlike kleurloosheid laat doodbloei, periodes inkort en dit selfs heeltemal afskaf. Die materialistiese en liberalistiese gees floreer in hierdie gebiede dan ook beter. So is in 1915 van die Oos-Rand getuig dat van die 6,734 leerlinge in die goewermentskole, 350, dit wil sê ongeveer 5%, vrystelling van Bybelgeskiedenis gevra het. Hulle het onderrig in sedelesse ontvang.[3)]

---

1) Direkteur van Onderwys: Verslag 1917, 151; 1915, 139.
2) Ibid., 1915, 162.
3) Ibid., 114.

W. Klooster en D. Linney het iets meer ten opsigte van die platteland-stedelike peil te vermeld gehad. Oor die algemeen word Bybelonderrig met sy groot vormende waarde, baie goed gegee, en op die platteland nog beter as in die stede. Bybelgeskiedenis in die plattelandse skole is op 'n paar uitsonderinge na goed. Dit is te danke aan die ouers se belangstelling in die vak, maar dit is ook die gevolg van die ou-ou tradisie toe die skool nog die voorbereidingsplek vir die aflê van die belydenis van die geloof was. Bybelgeskiedenis is gewoonlik die enigste vak, behalwe lees en Suid-Afrikaanse geskiedenis, waarin die ouers belang stel en waaroor hulle in staat is om 'n oordeel te vel. In 'n paar stadskole in Pretoria is die godsdiens in die onderwys so swak dat met 'n volgende inspeksie weer deeglik op die saak ingegaan sal word.[1)]

Bybelgeskiedenis as vak het dus uiteenlopende kommentaar van die inspekteurs uitgelok. Om die inspeksieverslae van hierdie tydperk mee af te sluit, word die volgende opmerkings sonder enige weglating aangehaal.

In 1915 het T.G. Ligertwood gesê dat die Bybelgeskiedenis goed is en meer as genoeg aan die vereistes van die kode voldoen.[2)] In 1916 het die enigste drie verwysings na Bybelgeskiedenis die volgende inhoud bevat: Die Bybelgeskiedenis word met sorg behandel en geheuewerk is veel beter as vroeër. Dis van belang dat die leerlinge die gedeeltes woordelik ken. (C.H. Acheson). Bybelgeskiedenis is een van die vakke wat die allerbeste onderwys word. (W. Klooster). F.S. Malan

---

1) Direkteur van Onderwys: Verslag 1917, 151.
2) Ibid., 1915, 144.

het pertinent verklaar dat Bybelgeskiedenis tot sy reg kom in alle skole wat deur hom besoek is.[1)]

Aangaande die posisie van godsdiens in die onderwys in Transvaal het die amptelike orgaan van die Ned. Herv. of Geref. Kerk hom in 1916 versigtig, selfs goedkeurend uitgelaat. Daar word herhaal dat die leerplan vir Bybelgeskiedenis aan 'n kommissie van leraars opgedra was. Hulle keuse uit die Heilige Skrif het hulle sodanig gereël dat die leerlinge met elk van die vier Evangelies kennis maak. Die hele leerplan deur sal die leerlinge onderrig word in die geskiedenis van die Ou en Nuwe Testament en sal hulle sekere uitgesoekte gedeeltes van buite moet leer. So word verseker dat die leerlinge vertroud raak met die hoofpunte van die gewyde geskiedenis en dat sekere waarhede van oorweënd godsdienstige en sedelike belang in die eie taal van die Bybel in hul geheues geprent word. Op die onderwyser rus die taak om daarvan 'n sukses te maak, dit uit te voer in die gees waarin dit opgestel is, streng ooreenkomstig art. 34 van die Onderwyswet, en 'n godsdienstige en sedelike grondslag daaraan te gee waarsonder geen onderwysstelsel veilig kan wees nie. Die volgende afleidinge kan nou gemaak word:

1. Die onderwysstelsel is nie onchristelik of ongodsdienstig nie.

2. Daar is voorsiening gemaak vir godsdiensonderwys, hoewel nie in kerkgenootskaplike sin nie.

3. Die beginsel van gewetensvryheid word gehandhaaf.

4. Die regte van die minderheid word geëerbiedig.

---

1) Direkteur van Onderwys: Verslag 1916, 110, 129, 136.

Nou kan daar wel verbeteringe aangebring word, maar die regte van Bybelonderrig in die openbare onderwys word tog geëerbiedig. Ouers en skoolkommissies kan volle gebruik daarvan maak. Die vraag is nou of daar ten opsigte van die vak nog verder aangedring moet word. Is dit die begeerte van die kerke en volk as geheel? Mens sal voor-en nadele van 'n veranderde stelsel eers goed moet ondersoek voor met die oue gebreek word.[1]

Die Sinode van hierdié kerk het egter dieselfde jaar nog ernstig gewaarsku dat slegs onderwysers wat die godsdiens gunstig gesind is en wat dus self ook glo wat hulle aan die kinders leer, Bybelonderrig moet gee.[2]

Die Kommissie van Laer Onderwys van die Ned. Herv. Kerk het aan die Algemene Vergadering in 1916 ook gerapporteer dat hy glo dat die waarde van die onderwys geheel afhang van die persoon van die onderwyser. As hy 'n gewenste persoon is, sal hy onder elke skoolwet en -stelsel goeie Christelike-nasionale onderwys kan gee op byna elke buiteskool, daar die bevolking buite min of meer homogeen is sover dit Christelike beginsels aangaan.

Die Kommissie doen aan die hand dat die Hollandse kerkgenootskappe moet saamwerk om 'n kweekskool vir onderwysers op te rig en in stand te hou, en ook dat 'n kerklike eksamen in godsdiensonderrig ingestel moet word, waarvan die sertifikaat 'n aanbeveling vir eventuele benoeming van onderwysers moet wees om sodoende die regte rigting in Bybelonderrig te verseker.[3]

Die gedagte deur die Algemene Vergadering van

---

1) De Kerkbode 26.7.17, 726.
2) N.H. of G. Kerk: Handelinge van die Sinode, 1916.
3) Ned. Herv. Kerk: Notule van die Algemene Vergadering, 1916, 16, 21.

die Ned. Herv. Kerk uitgespreek, het reeds vaste rigting met die C.N.O.-kongres in die Vrystaat in April 1916 gekry toe 'n nuwe ontwikkeling vir die eerste keer deur prof. Kamp uiteengesit is. Die kern van sy betoog het daarop neergekom dat die skool ingerig moet word ooreenkomstig die geaardheid en gesteldheid van die maatskappy. Ouers en belangstellendes verenig met die oog op optrede in groepe.

Hierdie beskouings van prf. Kamp is verder ontwikkel en daaraan is vaste rigting gegee deur prof. J.D. du Toit tydens 'n kongres te Bloemfontein in 1917.[1)]

(e) Die Provinsiale Onderwyskommissie van 1917 en die Bybelonderrig.

Die C.N.O.-roeringe en kerklike aksie, asook die gevoel dat die twee alternatiewe leerplanne vir Bybelgeskiedenis nie 'n gesonde beginsel is nie, het die Provinsiale Raad laat besluit om 'n Onderwyskommissie te benoem wat op sekere aspekte van die onderwys moes ingaan en verslag daaroor moes uitbring. In hierdie tydperk kan hierdie stap tereg as 'n hoogtepunt in die geskiedenis van die godsdiens in die onderwys in Transvaal beskou word, aangesien van owerheidswee aandag aan sekere kernvrae geskenkis, en ook vanwee die feit dat die nuwe Bybelonderrigleerplan die gevolg hiervan was.

Voor hierdie Onderwyskommissie van 1917, wat bestaan het uit H.L. Malherbe as voorsitter, P.J. Kloppers as sekretaris, A. Ogg, P. Nel, T.C. Stoffberg en F.A.W. Lucas as lede, het 'n voorstel gedien ter verandering van die beleid ten opsigte van onderwys in taal,

---

1) Coetzee: Die Gereformeerde beginsel en die onderwys, 42 - 44.

godsdiens, en geskiedenis voorgedra deur 'n afvaardiging van die kongres van die drie Afrikaanse kerke. Hierdie deputasie en ander getuies het as standpunt aanvaar dat die onderskeid betreffende die houding teenoor taal, godsdiens en geskiedenis ooreenkom met die onderskeid tussen die Hollandssprekende en Engelssprekende bevolkingsgroepe.[1] Onder meer is die volgende voorgestel:

1. Groepe gelykgesinde ouers moet die reg hê om deur eie skoolkommissies aparte skole te stig en te beheer, waar hulle onderwysers met dieselfde taal, godsdiens en tradisie as hulself kan aanstel.

2. Hierdie groepe moet die reg besit om die onderrig in taal, godsdiens en geskiedenis in die aparte skole te beheer en die gees en rigting van die skool te bepaal.

3. Met die oog op bostaande moet die groepe ook hul eie opleidingskolleges vir onderwysers hê.

4. Wanneer leerlingein die afsonderlike skole in die drie vakke geïnspekteer word, moet hulle veral ten opsigte van die standpunt van die groep beoordeel word.[2]

Volgens die verslag van die kommissie het geen vraagstuk deur die hele wêreld soveel stryd in die skole veroorsaak as juis die godsdiens nie. Hulle glo egter dat die bestaande moeilikhede grotendeels binne die eersvolgende paar jaar sou verdwyn. Die meeste getuies het saamgestem oor die beginsels van die bestaande wette. 'n Paar persone wou Bybelonderrig heeltemal uit die skole weer; ander weer wou dit buite skoolure deur die predi-

---

1) Province of Transvaal: Report of the Education Commission, 1917, 23.
2) Ibid.

kante van die verskillende kerkverbande laat onderrig. Daar was geen aanvraag om toelating van predikante binne die skoolure nie.

Die bestaande leerplan vir Bybelgeskiedenis is opgestel na raadpleging van die verteenwoordigers van verskillende kerkverbande. Nou word dit aan kritiek onderwerp. Die getuienis van die persone wat die leerplan wou vervang hê, laat die vermoede ontstaan dat dit nie baie swaar sal gaan om 'n ander een op te stel wat algehele tevredenheid sal bewerkstellig nie. Daar moet gepoog word om die godsdienstige verskille op te los deur 'n leerplan wat algemene tevredenheid sal verskaf. Die Kommissie is verheug om te sien dat die ondersteuners van die groepstelsel die wens om godsdiensonderwys in skole in te voer, wil repudieer.[1)] Ook is versoek dat meer tyd per dag vir Bybelonderrig ingeruim moet word. Dit kan egter nie aanbeveel word nie, aangesien die skoolure reeds so min is. As meer as die gewone dertig minute per dag toegestaan word, sal dit ten koste van die ander vakke moet geskied, waarvoor die tyd juis beperk is.

Op die beswaar dat Bybelgeskiedenis nie geïnspekteer word nie, beveel die Kommissie aan dat dit wel gedoen moet word. As dit as 'n skoolvak ingesluit word, moet daaroor gerapporteer en deur die inspekteurs advies en hulp verleen word.

Ook word dit verlang as eksamenvak. Die Kommissie voel nie ten gunste daarvan nie. Die beginsel is tog daar dat sommige vrystelling van bywoning kan vra. Ook is alle besware teen die eksamenstelsel hier

---

1) Province of Transvaal: Report of the Education Commission 1917, 28.

van toepassing. Die sedelike en etiese waarde van die vak kan nie deur die gewone standaarde gemeet word nie. Insluiting van Bybelgeskiedenis as eksamenvak sal die liefde vir die ideële en edele, wat deur vriendskaplike simpatieke benadering verkry word, benadeel.[1)]

(f) Die Kommissie se voorgestelde leerplan in Bybelgeskiedenis.

In die verslag is ook die nuwe voorgestelde leerplan vir Bybelonderrig opgeneem wat eers in 1923 formeel in werking getree het. In die inleiding van die leerplanne van 1923 is gemeld dat al die vakke behandel moet word teen die agtergrond van die sedelike opvoeding waarvolgens die hele skoollewe gerig moet word, en van die godsdiens in die onderwys, gebaseer op die Bybel.[2)]

Inleidend word vermeld:

1. Die hoofonderwerp is die lewe en leer van Jesus Christus as die vervulling van die Wet en die Profete:

Profeet of Leraar van God,

Priester of Redder van die Mens,

Koning of Hoof van sy Kerk en Koninkryk.

2. Die Nuwe Testament moet gebruik word as die standaard waaraan sekere opvattinge oor God se Natuur en die sedeleer in die Ou Testament getoets word.

3. Algemene gedagtes oor die Vaderskap van God, aantonende God se liefde, sy sorg soos blyk uit

---

1) Province of Transvaal: Report of the Education Commission 1917, 28.
2) T.E.D.: Regulations Governing Primary Schools for White Children 1923, 3.

die Skepping, instandhouding en verlossing. Die Ou Testament leer veral eersgenoemde twee en die Nuwe Testament openbaar laasgenoemde in vervulling.

Betroubare handboeke moet oor alle onderwerpe geraadpleeg word.

Grade:

A. Eenvoudige stories oor Jesus as die Seun van God: geboorte tot volwassenheid. Wonderwerke (mag oor die lewe.)

B. Die stories op die lewe van die kinders toe te pas: gelykenisse - genadige dade om Christus se liefde teenoor moeder, klein kindertjies, siekes, ens. te toon.

C. Om kinders te leer bid: Gebed is verbinding met God (praat - prys - dank - vra - wag en luister soos Samuel na sy stem). Ons kan ons liefde tot God bewys soos teenoor ons ouers deur met Hom te praat, aan God ons dank te bring en ons diens te gee. Die onderwyser mag verskillende onderwerpe aan die hand doen vir gebede en dank van tyd tot tyd.[1)]

St. 1: Doel: Die tuisbring van denkbeelde van God en ons Verlossing.

A. Ou Testament. Skepping. God is die Skepper van alles - Sy eis op diens en liefde. Die wêreld is die woning van die mens en daar is 'n goddelike doel wat in die menslike geskiedenis uitgewerk word (Gen. 1). Gen. 2 en 3: werking van die sonde. Dis rebellie teen God. Dit is daar. Gen. 4, 6-9: Kain en Abel, Sondvloed (gevolge van sonde in opposisie teen God. Sonde se gevolg vandag, bv. dronkenskap. Lesse oor liefde vir diere

---

1) Province of Transvaal: Report of the Education Commission 1917, 93.

wat God in die Ark bewaar het.

B. Nuwe Testament. God die Seun het ons menslike aard op Hom geneem en so die redding volvoer soos voorspel in Gen. 3, 15. Stories van Jesus se geboorte tot versoeking en van die laaste week van sy lewe. 'n Paar wonders, aantonende dat Christus die lewe van die wêreld is, bv. storm stilgemaak, dogter van Jaïrus.

C. Voorligting in gebed: 'n aantal gebede in die Bybel as tipiese voorbeelde.[1)]

St. 2: Doel: Uitbreiding te gee aan die denkbeelde van die kind oor God en ons verlossing. Die Ou Testament se lering van God se optrede teenoor die mense lei tot voller begrip van Jesus as Profeet of Leermeester, Priester of Saligmaker, Koning of Hoof oor almal.

A. Ou Testament: God nie alleen Skepper nie, maar ook Onderhouer en Bestuurder van alles, bv. Noag: profeet wat veroordeel, maar ook werktuig van God om te behou. Abraham: stigter van die Joodse nasie, Jakob (bedrieër en toe aartsvader), Josef (behouer van nasie, sy geloof in God), Moses (redder).

B. Nuwe Testament. Christus as Priester. (Christus 'n Griekse woord wat beteken „gesalfde" - Hebreeus „Messias").

(Elisa gesalf met olie as profeet, Aäron as priester, Dawid as koning.)

Christus as Verlosser of Priester: vergelyk met Moses. Verlos mense van sonde deur hulle te gee: 1. 'n hoër geestelike doel om voor te lewe, 2. genade om sonde te oorwin. Hele doel van sy lewe is om te werk en ander te red en eindelik self aan die kruis te sterf.

---

1) Province of Transvaal: Report of the Education Commission 1917, 93 - 84.

Lam van God (Paasfees). In dood ons almal se sondelas gedra, deur opstanding deel ons in die gawe van die ewige lewe; Christus se werk as Verlosser te sien in sekere gelykenisse en wonders (liggaamlike genesing simbolies van die geestelike.)[1]

Op dieselfde trant word ook die ander standerds se leerplan behandel. By st. 5 word gemeld dat die kinders nou oud genoeg is om die progressiewe openbaring van God deur die Ou Testament en Nuwe Testament (Bybel as geheel) te begryp.

B. Die openbaring van God in Jesus Christus, die Woord wat vlees geword het (Logos). Christus se lewe volgens die Evangelie van Johannes waaronder die Groot Waarheid van die openbaring in die vlees. Jesus Christus was die Woord (Logos) „Die Woord het vlees geword." (Joh. 1, 1-18).

C. Die openbaring van God in die Bybel in individuele persone deur die Heilige Gees geopenbaar: Belofte van die Heilige Gees, werk daarvan, wat Hy is: Trooster, Gees van Waarheid. Sy werk: om die Waarheid te leer: inwoning, oortuiging van sonde, regverdigheid en oordeel, leiding, verheerlik Christus, vrugte van die Gees (alles met gepaste aanhalings en verwysings na die betrokke Skriftuurplekke).

Eenheid van God en mense bewerk deur Jesus Christus, die Vleesgeworde Woord.

D. Onderrig oor Gebed. (Lof en Dien - herhaal).[2]

---

1) Province of Transvaal: Report of the Education Commission 1917, 94.

2) Ibid., 98 - 100.

St. 6: Doel: Die onstaan van die Christelike Kerk. Die sendingswerk van Paulus. Die karakter van die eerste Christelike lewe. Wat die derde deel van die doelstelling betref, word bv. drie onderhoofde aangegee: Inwendige ondervinding, openbaring na buite en die hou van die Dag van die Here. Van hierdie derde onderhoof volg hieronder slegs sowat een-derde.

Die viering van die Dag van die Here is gegrond:

(a) op die opstanding van en verskyning van die verrese Christus op die dag, waardeur dit die hoogste belang geword het vir die Christelike Kerk (Matt. 28: 1-10, Markus 16: 1-14, Luk. 24: 1-9, 36-48, Joh. 20: 1-10, 19-26.);

(b) op die herbekragtiging van die Pinksterfees, wat daardie jaar op die Dag van die Here geval het. (Han. 2: 1-4);

(c) op die viering van die dag van godsdiens deur die Christelike gemeentes (Hand. 3: 7-12, Kor. 16: 1-2, Openbaring 1: 9-11.)

Die voortbestaan van die viering van die Dag van die Here is 'n voortdurende getuienis, deur al die eeue, van die vaste geloof van die kerk aan die opstanding van ons Heer as 'n werklike feit, waardeur bewys is dat Hy die Seun van God is, beklee met mag, en God het sy seël geheg aan die voltooide werk van Christus.[1)]

Daar is ook 'n Na-Laerskool leerplan in twee dele. Deel 1 handel oor die toepassing van Christus se lering, veral wat betref voortreflike burgerskap. Deel 2 bestaan uit 'n klomp sedepraatjies met verwysing na gelykenisse van Christus, en uit die Ou Testament. Hier

---

1) Province of Transvaal: Report of the Education Commission 1917, 100 - 102.

volg bv. die middele waardeur God sy koninkryk op aarde wil opbou: 1) deur die kerk, 2) deur die staat: eerlike administrasie deur staats- en plaaslike besture; die volk se geld (belastings), finansiële beheer, wet en orde, verantwoordelikheid en eiendom, ens. ens. 3) deur maatskaplike verhoudings: (a) Samewerking tussen stande en nasies: groei van die maatskaplike lewe, van individualisme deur gesin, stam tot nasie. Vyande van samewerking: selfsug, ledigheid, wedersydse wantroue en gebrek aan diens. (b) Nadele van skuld: 1) Oorsake: weelde, ledigheid, dobbel, weddenskappe. 2) Gevolge: verlaging, verlies van onafhanklikheid en selfrespek. 3) Voorkoming: eerlike arbeid en spaarsaamheid. (c) Samewerking in die staat: tussen volke. Waarde van wedersydse internasionale diens. Uitskakeling van oorlog en van internasionale haat.

Geheuewerk: St. 1 - 4: Gemiddeld twee gedeeltes per jaar.

St. 5 - 6: Ongeveer vier gedeeltes aangegee.

Na-Laer: Geen.[1)]

Die hoofindrukke wat hierdie leerplan laat, kan voorlopig hier genoem word. Dit is besonder lywig, bestaande uit veertien bladsye en dit getuig van grondige studie. Dit is egter uiters dogmaties en ingewikkeld, vol abstrakte redenasies wat nie by die ontwikkelingspeil van die kind pas nie. Die stof is gerangskik volgens onderwerp. Die tweede deel van die Na-Laerskool leerplan kon net so goed by spaarsaamheidslesse, gesondheidsleer, geskiedenis, burgerpligte of algemene kennis ingepas gewees het.

---

1) Province of Transvaal: Report of the Education Commission 1917, 104.

3. Na-primêre onderwys.

Die Bybelonderrig in die middelbare skole het nog nie tot sy reg gekom nie. In 1909 is die leerplanne vir hierdie skole weer eens nader bepaal, maar vir godsdiens in die onderwys was daar geen offisiële leerplan nie. Daar is slegs bepaal dat die vak ooreenkomstig die bepalings van die Wet gegee moet word, tesame met onderwys in die sedeleer in verband daarmee, nie minder as een uur per week buite en behalwe die tyd wat aan die gebed bestee word nie. 'n Leerplan moet getoon kan word in geval daarom gevra word. Dis ook aanbeveel dat die hoof van die skool die onderwys van die vak in die hoogste klas waarneem, en in die ander klasse die verantwoordelike onderwyser(es).[1]

Daar was dus algehele vryheid van optrede ten opsigte van inhoud, metode en organisasie, op voorwaarde dat die minimum tyd van een uur per week gehandhaaf word. Hierdie vryheid is dikwels misbruik en het swaar verantwoordelikhede gelaai op die minder ervare leerkragte wat graag ritingaanduidende lyne of voorbeelde verlang. Ook werk so 'n gebrek aan eenheid verwarrend en verlammend op die Bybelonderrig, soos die Onderwysordonnansie van 1903 verwarrend ten opsigte van die godsdiensonderwys op die laerskool was.

Hoe afwykend die gewyde vak se tydstoekenning in die middelbare skole was, blyk uit die volgende tabelle en gegewens; dit was die posisie in 1909, geldig vir 'n skoolweek van ongeveer 25 uur lesperiodes:-[2]

---

1) T.O.D.: Lagere en Middelbare Scholen: Bepalingen en Leergangen 1909.
2) Direkteur van Onderwys: Verslag 1909, 112, 116, ens.

Standerd.	4	5	6	7	8	9	10
Tyd toegeken aan Bybelonderrig:							
Cleveland High	¾	¾	¾	¾	¾	¾	-
Eendracht	1 ⅔	1⅔	1⅔	¼	¼		
Jeppe High	-	-	-	-	-	-	-
Potch. College	-	-	-	-	-	-	-
Pretoria College	1	1	1	1	1	1	1
Johannesburg Coll.	2	2	2	2	2	2	2

Skole soos die Johannesburg College en Girls' High, Pretoria, het meer as die voorgeskrewe tyd aan Bybelonderrig bestee, die Pretoria College presies die voorgeskrewe, maar origens het ongeveer al die Transvaalse openbare hoërskole in die middelbare afdelings nie aan die bepalings voldoen nie. In 'n paar gevalle is die vak nie eens op die lesrooster aangedui nie.

In 1910 het daar egter 'n verandering in die toestand gekom. Waarskynlik is dit aan die inspekteurs te danke. Eendracht se st. 7 het nou in plaas van 15 minute, 1 uur 15 minute gekry, die st. 8 50 minute, st. 9 1 uur en st. 10 25 minute. Potchefstroom College (High School for Boys) het darem nou 25 minute daaraan bestee, Pretoria Girls High 1 uur deurgaans, met 'n verdere uur aan gebed en opening. Die ander skole se lesroosters het min of meer onveranderd gebly.[1)]

In 'n rapport oor die openbare onderwys in 1911 is gemeld dat ook in die sekondêre afdeling twee vakke behalwe Hollands as taal deur medium Hollands geneem kan word, waarvan Bybelgeskiedenis in sommige gevalle een is. Pretoria se Boys' High en Girls' High

---

1) Direkteur van Onderwys: Verslag 1910, 174, 197, ens.

het bv. die vak deur medium van albei tale onderrig.[1)]

In die monografie oor die leerplanne van algemene onderwys in 1913 is vermeld dat Bybelonderrig in ooreenstemming met Hoofstuk 8 van die Wet, tesame met sedelike onderrig, een van die verpligte leervakke van die middelbare skool is. Daarin is die lesroosters van die Pretoria Boys' High en Girls' High as voorbeelde afgedruk, waaruit weer eens blyk dat daar een uur per week aan godsdiens in die onderwys bestee word.[2)]

Al het die owerheid en die publieke skole nie altyd veel aandag aan die vak gegee nie, het dit veel beter in die C.N.O.-hoërskool op Potchefstroom toegegaan waar verskeie lesperiodes weekliks vir deeglike Bybelonderrig afgesonder is. Die Gimnasium-hoërskool, voorheen die „Voorbereidenden Skool" vir die P.U.K. en Teologiese Skool, het in 1915 'n Christelik-nasionale skool geword met goewermentsubsidie. In 1916 kon die Geref. Kerkraad rapporteer dat die skool nog groei. Prof. du Toit het elke week Christelike etiek en prof. Los gewyde geskiedenis in die matriekklas gegee.[3)]

In die ander klasse het die **klasonderwysers** opgetree.

Kenmerkend van die inspeksierapporte van die middelbare skole was dat daar nooit enigiets oor die Bybelonderrig vermeld is nie. Die vak is feitlik na willekeur georganiseer. Klaarblyklik is daar nooit of selde inspeksie in die vak gedoen. Die verslae vermeld slegs die eksamenvakke.[4)]

---

1) House of Assembly: Report of the Select Committee on Public Education, xxvii.
2) T.E.D.: The Curricula of Schools for General Education 1913, 114, 130-131.
3) Coetzee: Die Gereformeerde Gemeente Potchefstroom, 40 - 41.
4) Direkteur van Onderwys: Verslae vir die verskillende jare.

Wat die normaalkolleges betref, is die stelsel van voor 1907 voortgesit. Studente is in die metodiek van Bybelonderrig opgelei en moes ook in hierdie vak kwalifiseer. Die puntetoekenning in die proefonderwys, soos aan die Heidelbergse Normaalkollege in 1909 toegepas, het die volgende vorm aangeneem (werklike syfers en opmerkings gesiteer):

Criticism Lessons.

Subject:	Matter:	Method:	Personal Qualities:	Class Management:	Notes of Lessons
	10	10	10	10	10
1. Bible Lesson.	6	5	7	6	7

Total: $\frac{31}{50}$.

Opmerkings soos die volgende is ten opsigte van Bybellesse neergeskryf: „Behoren soms vollediger te zyn, overigens goed," of „Inhoud over 't algemeen goed. 'De' en 'het' woorden soms verkeerd."[1)]

In 1910 is 9 studente aan die Heidelbergse Normaalkollege deur medium van Engels in Bybelonderrig opgelei, 58 deur medium van Hollands en 1 het vrystelling ontvang. In daardie jaar is daar dus van die gewetensklousule gebruik gemaak. Aan Bybelgeskiedenis (metodiek) en geskiedenis is tesame vyf periodes per week bestee. Aan die Johannesburgse Normaalkollege is een uur per week in die junior- en seniorklasse, en aan die Pretoriase Normaalkollege 45 minute daaraan bestee.[2)] Ook hier was dus geen eenheid nie.

Daar was wel godsdienstige verrigtinge en aangeleenthede aan hierdie inrigtings. So word vertel dat

---

1) Heidelbergse Normaalkollege: Ou Proefonderwysboeke.
2) Direkteur van Onderwys: Verslag 1910, 200, 206-207. House of Assembly: Report of the Select Committee on Public Education, xxxvii.

die Pretoriase kosgangers net voor die oggendete in 'n groot saal bymekaargekom het waar 'n dosent of een van die studente dan 'n gedeelte uit die Bybel voorgelees het, afwisselend volgens vasgestelde rooster in Engels of Hollands. Die ete is voorafgegaan deur 'n formuliergebed deur een van die dosente.[1]

In die verslag van die hoof van die Heidelbergse Normaalkollege vir 1912 word vermeld dat daar oor die algemeen 'n baie bevredigende gees aan die inrigting heers, en daartoe is grootliks bygedra deur die bestaan van twee takke van die Christelike Studentevereniging waarvan die aktiwiteit welbekend is.[2] Selfs in 1915 kon weer gemeld word dat byna al die studente lede van die C.S.V. is en dat daar so 'n goeie gesindheid heers.[3]

Teen 1913 het die vraagstuk van goeie Christelike onderwysers nog steeds die aandag van die kerke geniet en is daar deur die Ned. Herv. of Geref. Kerk kerklike normaalskole beoog vir die opleiding van onderwysers wat op die publieke skole onderwys kan gee in Christelik-nasionale gees waarvoor 'n dringende behoefte bestaan. Daardeur sal tot die wortel van die oplossing van die kwessie van godsdiens in die onderwys deurgedring kan word.[4] In 1916 het die Kommissie van Onderwys en Opvoeding by die Sinode aanbeveel dat daar voorlopig 'n kerklike dosent aangestel word vir die Normaalskole te Pretoria en Heidelberg, en dat sy salaris gevind word uit die bestaande Normaalskoolfonds.[5]

---

1) J.J. Booyens en F. de Roos (oud-studente): Meegedeel.
2) Direkteur van Onderwys: Verslag 1912, 120.
3) Ibid., 1915, 71.
4) De Kerkbode 29.5.13, 459; 9.7.13, 521.
5) N.H. of G. Kerk: Handelinge van die Sinode 1916, 226.

Dat die Ned. Herv. of Geref. Kerk 'n wakende oog oor die Christelike gees en godsdienstige aangeleenthede gehou het, blyk onder meer uit 'n artikel in die kerklike orgaan in 1911: Op die normaalkolleges word te min aan die geestelike en sedelike bearbeiding van die jeug gedoen. 'n Liggaam wat daarom voortreflike diens lewer, is die C.S.V. wat ten doel het om die Christendom sy regte plek te gee in die lewe van die jongelinge en jongedogters wat studente is, en so die wêreld na die lewende Christus te laat keer.[1] In 1916 het die Sinode hom sterk teen die danspartye uitgelaat wat ook aan die Pretoriase Normaalkollege gehou word. Die regering sal gevra word om dit nie langer toe te laat nie. Die gees onder sommige studente is nie reg nie; daar is selfs 'n neiging tot ateïsme. Die wenslikheid is dan ook uitgespreek om 'n kerklike koshuis vir studente (meer bepaald vir die T.U.K.) op te rig. Die ideaal is in 1917 verwesenlik. Slegs Christelike studente sou opgeneem word en 'n Christelike gees sou die inrigting deuradem.[2]

4. Samevatting.

Na die inwerkingtreding van die Smuts-wet is nie alleen C.N.O.-skole op groot skaal gesluit nie, maar daar is 'n vaste koers aangedui in die hele Transvaalse onderwys. Die mense wat nie genoeë met die neutrale godsdiens in die onderwys wou neem nie, het tog maar apaties saam met die stroom gegaan. In enkele gevalle het daar C.N.O.-skole voortbestaan. Die voorstanders van die

---

1) De Kerkbode 23.2.11, 116.
2) Ibid. 5.6.16, 579; 23.11.16, 1144.

C.N.O.-gedagte het egter telkens weer hulle stem verhef en van hulle laat hoor op kongresse en vergaderings, deur middel van tydskrifte en brosjures. Kerklike liggame het aanhoudend gekla oor die toestand van die Bybelonderrig in die publieke skole, en in enkele gevalle is met voorbedagte rade opgetree om die bepalings ten opsigte van die vak belaglik te maak en die koersloosheid daarvan aan die kaak te stel.

Intussen is 'n leerplan vir Bybelgeskiedenis in 1909 saamgestel. Dit het rigting gegee en die koersloosheid is nou vervang deur vaste rigtingslyne. Ook hierdie leerplan het nie allerweë goedkeuring erlang nie, want 'n alternatiewe leerplan, deur die onderwysersverenigings opgestel, is goedgekeur en meesal op die buiteskole gebruik.

Die gebrek aan behoorlike inspeksie is sterk deur die kerke aangevoel; heel dikwels is die vak glad nie geïnspekteer nie en in die meeste gevalle nie eens deur inspekteurs in hul jaarverslae ingesluit nie. Wat egter vermeld is, was oor die algemeen baie gunstig. Tog kan hierdie gunstige verslae nie as absolute weergawe van die peil van die Bybelonderrig beskou word nie, want die inspekteur wat gereeld verslag lewer van 'n vak wat hy as van groot belang beskou, sal ook toesien dat in die skole van sy kring aan daardie vak reg geskied. Die onderwysers besef dan van watter kant die wind waai en span die seile daarvolgens. Dit is dan feitlik net van die gunstigste resultate waarvan melding gemaak word. Die swakker kringe word dus eintlik nie vermeld nie. Die prentjie was dus seker nie so rooskleurig soos dit met die eerste oogopslag wil voorkom nie. 'n Paar inspekteurs het gereeld waardevolle voorligting in die gewyde

vak verskaf.

Uit die inspeksieverslae blyk oor die algemeen dat die geheuewerk baie goed was, maar dat dit nie so goed voorgedra is nie en dat die kinders dit ook nie altyd so goed begryp het nie. Die Bybelkennis was ook goed, maar die mees algemene leemtes was dat die werk te swak deur die onderwysers voorberei is en daar te veel uit die kinderbybel voorgelees is; dat die taal van die Bybel te min gehoor word en die les daarom aan waardigheid verloor. Daar is ook te min gebruik van kaarte en agtergrondkennis gemaak. Die inspekteurs het saam met die predikante erken dat die onderwyser se houding en gesindheid van groot beslissende waarde is. Bybelgeskiedenis besit die grootste waarde vir karaktervorming en geestelike en sedelike ontwikkeling. Kennis van die Bybelgeskiedenis as geheel was egter op 'n goeie peil, en op die platteland veel beter as in die stedelike gebiede.

Aan die middelbare skole was daar geen eenheid hoegenaamd nie. Daar was geen voorgestelde leerplan nie en aanvanklik selfs nie eenvormigheid ten opsigte van die toegepaste tyd nie, hoewel dit van owerheidswee vasgestel is. Inspekteurs het klaarblyklik net 'n oor vir die eksamenvakke gehad.

Op die normaalkolleges het sake op die ou trant voortgegaan. Lesse in die metodiek van Bybelgeskiedenis en proeflesse daarin is gegee, maar daar was geen inhoudelike benadering van die vak nie. Daar was godsdienstige bedrywighede soos C.S.V. en godsdiensoefeninge, maar dan ook weer minder godsdienstige aangeleenthede soos danspartye wat die Christelike gees benadeel het.